# PRO VERITATE



★ CHRISTENDOM EN SOSIALE REKONSTRUKSIE — 1
★ KOMMUNISME SE RADIO-AANSLAG OP AFRIKA — 2
★ REDAKSIONEEL/EDITORIAL — 2
★ OORDENKING — 3
★ GEDRYF DEUR DIE LIEFDE VAN CHRISTUS — 4
★ VRYHEID — 5
★ BRIEWE VAN LESERS — 5
★ EKUMENISITEIT — 6
★ DIE PRAKTIESE UITWERKING VAN DIE HERSTELLING VAN GEMEENSKAP 7
★ DIE UITDAGING VAN DIE ISLAM — 8
★ THE CHURCH IN THE WORLD



CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA | CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang I. Nr. 6. | Intekengeld R2 Subscription | Oct. 15 Okt. 1962 | Volume I. No. 6

*By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.* | *Registered at the Post Office as a Newspaper.*


# CHRISTENDOM EN SOSIALE REKONSTRUKSIE

DR. D. F. MALAN

*My taak is om die wêreld te teken soos dit is, en om u in wye trekke te laat sien die donker skaduwees, soos dit in skerpe teenstelling staan teenoor die Christelike ideaal. En ek moet dit doen, nie alleen maar om vir u op te hang 'n tafereel wat u uit 'n intellektueel oogpunt sal interesseer nie, maar om vir u te wys op die probleme wat daaruit ontstaan, en om vir u as Christelike studente voor te hou die taak wat op u rus.*

Ek wil meteen begin deur die algemene stelling neer te lê dat die sosiale probleme waarvoor die Christendom in die wêreld kom te staan, almal voortspruit uit en samehang met die teenstellinge in die menselike maatskappy. Deur die sonde is die harmonie in die mense-wêreld verstoor geword en is skerpe verdelingslyne getrek geword, wat ons deur 'n inherente noodsaaklikheid al skerper word, tensy daar ander invloede in die lewe geroep word, wat bereken is om dit te versag en uit te wis. Dit was kenmerk van die ou wêreld, waarin neëntienhonderd jaar gelede Jesus Christus gebore geword is, en voor die probleme waarvoor Hy te staan gekom het, en vir die wonde waarvoor Hy genesing gebring het. Dit is ook die kenmerk van die moderne wêreld, wat vandag in haas alle rigtinge deurklief is deur onoorbrugbare dieptes, en wat op duisend punte wryf en bots.

### TEENSTELLINGE VAN DIE OU WêRELD

Die teenstellinge van die ou wêreld was hoofsaaklik drierlei. Die eerste was godsdienstig van aard en het bestaan uit die tussen Jood en Heiden. Die Jood het as die ontvanger van die kennis en die waarheid van God in 'n bevoorregte posisie gestaan. Maar dit het hom nie, soos dit moes, ootmoedig en groothartig en diensvaardig gemaak nie. Inteendeel, hy het eksklusief en hooghartig geword, en het teenoor die heiden nie alleen onverskillig kom te staan nie, maar hy het hom verag en verafsku. Die tweede teenstelling was meer intellektueel van aard en het bestaan uit die tussen Griek en barbaar. Dit was 'n verskil in beskawing, maar dit was breed en diep genoeg om die mense-wêreld te splits in twee teenoor mekaar staande seksies, wat wel nie altyd in vyandskap met mekaar geleef het nie, maar wat tog weinig met mekaar gemeen gehad het, en wat geen verpligtinge teenoor mekaar gevoel het nie.

Die derde teenstelling was sosiaal en ekonomies van aard, en het bestaan uit die tussen meester en slaaf. Die feit van die skepping van alle mense naar die beeld van God en die gevolgelike gelykheid van alle mense voor die aangesig van God was onbekend, en die gevolg was die heerskappy van geweld en die verlaging van die swakkere tot 'n blote werkkrag en besitting.

### JESUS SE ALGENOEGSAME ANTWOORD

In hierdie ou wêreld met sy skerpe teenstellinge is Jesus Christus gebore en vir al sy probleme het Hy in beginsel die enige en algenoegsame oplossing gebring. Wat was dit? Dit was Sy leer wat Hy tegelykertyd geleef het, van die Vaderskap van God. Hierdie gedagte is só groot, só diep, só alomvattend, só oneindig vrugbaar vir die oplossing van alle sosiale kwessies in alle eeue, dat die blote verkondiging daarvan, selfs onder die veronderstelling dat Hy maar 'n blote mens was, Jesus Christus sou gemaak het tot die absoluut Onvergelykelike onder die mensekinders. Daarin lê opgeslote, as in 'n kiem, die mag om iedere klowe te demp en die moontlikheid van iedere breuke te heel.

**In die Vaderskap van God, wat die mees fundamentele en sentrale gedagte van die Christendom is, is inbegrepe twee groot beginsels, wat noodsaaklikerwys daaruit voortvloei en wat uit 'n sosiaal oogpunt beskou, die rigting en die krag verskaf vir alle Christelike aksie. Die een is die oneindige waarde van iedere mens, wat sy nasionaliteit, kleur, taal of maatskaplike en morele toestand ook al mag wees. En die ander is die broederskap van alle mense. Volgens die Bybelse leer in die algemeen is ieder mens geskape naar die beeld van God, en dit alleen al verhef hom oneindig ver bo die res van die skepping. Hy alleen het die vermoë om God te verstaan en met sy Maker in bewuste gemeenskap te tree.**

**Maar volgens die spesifieke leer van Jesus Christus is hy boweop ook nog die voorwerp van Gods ewige liefde en van Sy saligmakende genade. Geen diepte, waarin hy ooit mag versink, is daarom diep genoeg om onverskilligheid teenoor hom aan die kant van sy medemens te regverdig nie. En waar God Vader is van alle mense, daar is daardeur meteen ook die band van broederskap gelê tussen alle klasse van mense. Nie alleen indiwidue, ryk en arm, hoog en laag, opgevoed en ongeleerd, nie, maar ook alle rasse en nasionaliteite staan gelyk voor die aangesig van God, en vorm deel van één en dieselfde broederkring. Die één, groot, allesomvattende sosiale taak van die Christendom kan daarvoor die beste beskrewe word as die rekonstruksie van die menslike maatskappy op die basis van broederskap.**

### CHRISTENDOM SE OORWINNING

As ons na neëntienhonderd jaar op die geskiedenis terugsien, dan sal ons meteen bemerk hoe volkome die Christendom die teenstellinge van die ou wêreld oorwin het. Die godsdienstige isolasie en hooghartigheid van die Jood het plaasgemaak vir die nuwe Christelike beginsel van 'n uniwersele verpligting en 'n geestelike skulderkenning teenoor die hele wêreld. Die idee van die intrinsieke waarde van elke mens het vanself met sig meegebring die meer algemene verbreiding van opvoeding en kultuur en daarmee het die teenstelling verdwyn tussen Griek en barbaar. Selfs die langgevestigde en diepgewortelde instelling van die slawerny kon op lange duur die stille, langsaam - deurwerkende gees van die Christendom nie weerstaan nie. Al het dit eeue geneem, tog het alle Christelike volke ten slotte ingesien dat in die groot sentrale gedagte van die Vaderskap van God ook opgeslote lê die inherente reg van elke mens op sy indiwiduële vryheid.

Die teenstellinge van die moderne wêreld is na ander terrein verskuif, maar in wese verskil dit nie van dié van die ou wêreld nie. Waarskynlik is daar alleen maar 'n verskil in intensiteit. Die moderne wêreld is na die uiterlik baie nouer en inniger aan mekaar verbonde as die oue. Handelsbelange, stoomvaartverbindinge, die drukpers en draadlose telegrafie het die einde van die aarde saamgetrek tot betreklik enge kring. Waar nuus vroeër maande geneem het om die volke te bereik, daar word vandag die hele aarde in intelligente verbinding met mekaar gestel deur één enkele elektriese vonk. **En tog ten spyte** daarvan staan die wêreld vandag in geestelike opsig verder van mekaar en dieper en pynliker verdeel as miskien ooit tevore in sy geskiedenis.

### TEENSTELLINGE VAN DIE MODERNE WêRELD

**Daar is in die moderne wêreld allereers die teenstelling tussen die verskillende nasionaliteite. Grotendeels is dit 'n verskynsel wat sy wortels het ook in die vryheidssin en die gevoel van eie waarde, wat 'n uitvloeisel is van die Christelike gedagte. Die wêreld het veral sedert die middeleeue gaandeweg tot die insig gekom dat die verskillende nasionaliteite net soos verskillende indiwidue, die skepping is van God, en dat daar agter elke nasionaliteit, net soos agter elke indiwiduele lewe, 'n eie Godsgedagte sit, en dat as gevolg hiervan elke nasionaliteit net soos elke indiwidu, 'n inherente reg het op sy eie bestaan en sy eie vryheid.**

Dit het met sig meegebring die gewelddadige of die geleidelike ineenstorting van die een wêreldryk of imperium na die ander, en die toenemende vrysetting van die volke. Maar vryheid sonder iets hoërs om die vryheid te beteuel en te lei, kan oorslaan tot losbandigheid, en kan 'n vloek word. Die vryheid van die een kan inbreuk maak op die vryheid van die ander, en as die ander dan dieselfde reg gebruik om self sy eie vryheid te interpreteer en te verdedig, dan ontstaan daar 'n toestand van internasionale chaos en geweldpleging. In hierdie stadium verkeer die volkere-wêreld vandag. Die aparte volke het vir 'n groot deel hul vryheid verower en erken gekry, maar hul vryheid is nog nie gebring onder die heerskappy van internasionale reg nie. **Daar is** daarom Christelike indiwidue. Maar daar is nog geen Christelike volkere-wêreld nie.

**Hierdie stuk is 'n toespraak wat deur wyle dr. D. F. Malan gelewer is tydens die konferensie vir Universiteitstudente gehou te Rusoord, Strand, van 25—27 Mei 1923, en is daarna deur die C.S.V. van S.A. uitgegee onder dieselfde opskrif tesame met twee ander toesprake. Dit word in Pro Veritate opgeneem met dankerkenning teenoor die uitgewers van die destydse brosjure weens die aktualiteit wat dit na byna 40 jaar nog altyd het. Die bewoording en taal is onveranderd gelaat maar die onderhofies en kursivering is van die redaksie.**

### ARBEID EN KAPITAAL

In die moderne wêreld is daar verder die skerpe teenstelling tussen arbeid en kapitaal. En daar is geen twyfel aan dat dit in die loop van die jare altyd dreigender vorme aangeneem het. Na die opbreking van die patriargale en die leenheer (feudal) stelsels van die ou wêreld en van die middeleeue, wat, hoe gebrekkig dan ook, tog die bestaan van sosiale eenhede verseker het, het die indiwidue in die menslike maatskappy as losse ekonomiese eenhede naas mekaar en in skerpe kompetisie met mekaar kom te staan. Dit het 'n beweging aan die gang gesit, wat, skynbaar gedrewe deur 'n inherente noodsaaklikheid, nog altyd met sneller vaart voortgaan, en tensy gestuit of in ander rigting gelei, tot nuwe en ongekende wêreld-katastrofes moet lei. Die indiwiduele kapitalis aan die een kant het ingesien dat hy deur kombinasie met 'n ander indiwiduele kapitalis beter en goedkoper kan produseer, en meer mag kan uitoefen oor die vasstelling van lone en die bewerking van markte, as wanneer hy alleen staan. Kleiner kombinasies het op dieselfde wyse gelei tot groter. Die vennootskap het gelei tot beperkte maatskappy, en die beperkte maatskappy tot trusts en handelskombinasies van nasionale en selfs van internasionale omvang. Die indiwiduele arbeider aan die ander kant het ook ingesien dat sy veiligheid en welvaart in kombinasie met ander arbeiders lê. Hy het daarom


**Vervolg op bladsy 4**



## PRO VERITATE

Published the 15th of each month.

**Correspondence; Administration.**

Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.

**Editorial Committee:**

Dr. P. G. Geertsema,
Prof. Dr. J. C. G. Kotzé,
Rev. E. E. Mahabane,
Rev. R. Orr,
Prof. Dr. A. van Selms and
Rev. J. W. Wessels.

**Editor:**

Rev. C. F. B. Naudé.

**Subscription:**

Republic of South Africa, S.W.A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance.

Overseas: R2-50 per year in advance.

Cheques and Postal Orders must be made out in the name of "Pro Veritate", (Pty.) Ltd.

# Kommunisme se Radio-aanslag

**In die loop van die tyd van die eeue was daar sekere woorde wat besondere betekenis verkry het. Ek dink aan die 16de eeu toe daardie woord „Reformasie" 'n besondere klank geword het omdat dit presies uitgedruk het wat daar in die harte van die mense geleef het en wat ten gevolge daarvan ook verwesenlik is. Aan die begin van die 19de eeu was dit 'n totaal ander woord: „Revolusie" in die dae van die optrede van Napoleon, ook wat daaraan voorafgegaan het. In ons dae is een van die sleutelwoorde seker: „Kommunikasie".**

In die skeppingstruktuur is kommunikasie soos u almal weet, alleen dan maar moontlik wanneer waarneembare tekens gegee word, wat die onsigbare gedagtegang van die medemens vir ons waarneembaar maak. Uit die aard van die saak speel taal hier 'n geweldige rol. Aanvanklik was die mens, wat sy kommunikasie betref, beperk tot die grense van sy sintuie, maar in ons dag is hierdie enge grense deur die ontwikkeling van die elektro-tegniek deurbreek en het kommunikasie in die vorm van telekommunikasie iets geweldigs geword. Elke dag kom ons met die vaart wat tipies is van ons dae nader aan die eind-ideaal van wêreldintegrasie. Gedurende die Profetiese Rede het die Heiland gesê die Evangelie moet eers aan alle nasies verkondig word en ek kan my voorstel dat daar onder diegene wat Hom gehoor het en diegene wat gedurende die loop van die eeue hierdie woorde gelees het, talle van ongelowige Thomasse was. Hoe kan so-iets geskied?

Maar in die lig van wat ek so pas gesê het oor telekommunikasie, kry hierdie woorde 'n heel besondere betekenis. Selfs die verbasende toename van die wêreldpopulasie ruk die ideaal van die verkonding van die Evangelie aan alle nasies nie buite alle bereik nie. Kan ek aan u meedeel dat volgens die jongste statistiese gegewens die wêreldbevolking op die oomblik op sowat 3 biljoen staan. Die berekening is dat dit teen 1975 op 3.8 biljoen sal te staan kom en in die jaar 2000 op nie minder as 6.3 biljoen. Hierdie getalle klink oorweldigend, nie waar nie?

Maar volgens die jongste beskikbare statistiese gegewens is daar ook reeds nie minder as 385 miljoen radiostelle in gebruik nie en daarby moet u bedink dat die radio nie alleen vir die enkeling bedoel is nie maar so dikwels ook die massas beïnvloed. Ek hou natuurlik in gedagte dat 'n mens met statistieke baie versigtig moet wees.

### HUIDIGE TOEDRAG VAN SAKE

Nou, allereers is dit ons roeping om ons omtrent die huidige toedrag van sake te vergewis en in die besonder dan vir ons op hoogte te stel tot watter mate die wonder van die radio in hierdie dae van worsteling op ideologiese gebied vir propaganda-doeleindes aangewend word.

**Volgens gegewens wat verlede jaar gepubliseer is, saai Radio Moskou weekliks 975 uur dit wil natuurlik sê, dikwels gelyktydig en in baie verskillende tale propaganda-programme uit en Rooi China staan nie ver agter nie met 674 uur per week. Wat ons dan natuurlik insonderheid interesseer, is die Kommunistiese blok wat bepaald 'n aanslag op Afrika maak en dat hulle sedert verlede jaar selfs in Swahili uitsaai. Daar is origens ook veral Frans, Engels en Portugees waarin hulle uitsaai. Die „Voice of America" bied 618 programure per week aan deur medium van 62 tale. Afrika ontvang dus ook hier besondere aandag.**

### DIE GROOT LEUEN

**Uit die aard van die saak** geskied die uitsendings op grond van noukeurige navorsing. Daar word 'n besondere studie gemaak van die kultuur van elke betrokke taalgroep en alles word in die werk gestel om hulle toe te spreek in die taal wat uit hulle eie harte opwel en oor sake wat vir hulle na aan die hart lê. Die Russe het dit natuurlik baie ver gebring op hierdie gebied en waar hulle basies ateïsties ingestel is daar lê hulle hulle ook daarop toe om op heel behendige wyse die GROOT LEUEN dat daar geen God is nie, wêreldkundig te maak. Die apostel Paulus het ons al gewaarsku dat die Satan hom dikwels voordoen in die gedaante van 'n Engel van die Lig en juis in hierdie Engel van die Lig-tegniek blink die Russe uit en wat hulle veral doen is om halwe waarhede mee te deel. Die waarheidselement gryp dan aan, maar hulle verswyg wat die gevolge van hulle stellinge is. Dit is maar net die suiker, nie waar nie, wat daardie bitter kern van die pil omhul. Ek dink byvoorbeeld aan wat daar gebeur het in China. Wat het hulle aan die Chinese gesê? Hulle het aan hulle gesê: „Waarom moet alleen die klein groepie bevoorregte mense die eienaar wees van al daardie vrugbare rysvelde. Waarom kan julle dit nie besit nie?" Maar hulle het aan daardie mense nie meegedeel dat ons julle uiteindelik sal saamhok daar op kollektivistiese plase nie. Hulle het ook nie aan hulle gesê julle sal huis en haard moet verlaat en dat selfs julle kinders Staatseiendom sal word nie.

Dieselfde utopie word ook aan die massas van Afrika voorgeskilder. Vryheid veral. Demokrasie, ja, maar dan in hulle sin van die woord, nie waar nie? Vryheid word hulle voorgehou, maar as **hierdie arme** mense aan hierdie lokstem gehoor gee, dan weet ons ook dat verknegting hulle wag. En uit ons gesigshoek is dit veral ook weer van groot belang om daarop te let dat hulle gedurig verkondig dat die ekonomiese wantoestande maar net reggestel moet word en as daardie ekonomiese wantoestande opgehef is, dan het die Hemel ook op aarde neergedaal. U merk die valsheid hiervan, nie waar nie? As dit waar is, dan is die Verlosser van sonde nie meer nodig nie. En die Kremlin stel hom dan ook ten doel om die Heiland met hierdie skerp swaard, die vlymskerpe swaard ook van die spot, na die kroon te steek. Hulle stel hulle ook ten doel, hulle sê dit ook openlik, om binne 'n dekade of ongeveer oor 'n dekade, langs hierdie weg, die weg van die koue oorlog dus, beheer oor die wêreld oor te neem.

### RADIO VIR SENDINGDOELEINDES

Tot hierdie mate word telekommunikasie vir propagandadoeleindes ingespan. Ons moet nou probeer om 'n antwoord te gee op die vraag tot watter hoogte word die radio vir Sendingdoeleindes aangewend. Onlangs het daar 'n verslag in die verband verskyn van die hand van ene dr. Clarence Jones — iemand wat nie minder as 66 lande besoek het, en 76,000 myl afgelê het.

**Hy het bevind dat daar op vyf van die ses kontinente en wel in 18 verskillende lande 29 radiosenders is wat uitsluitlik vir Sendingwerk gebruik word.**

Natuurlik is daar ook die bestaande radio wat so dikwels vir godsdienstige doeleindes aangewend word, byvoorbeeld ook hier in Suid-Afrika met owerheidsteun selfs en dan het hy ook gevind dat daar oor die hele wêreld heen die rentmeesters van God is, die sogenaamde „Time buyers", wat die geld voorsien om te betaal vir aanbiedinge van programme van godsdienstige aard. Ek wil ook nog net melding maak van die sogenaamde „pre-tuned radio receiver", die ingestelde radio-ontvangtoestel wat met name ook hier in Afrika op baie strategiese punte geplaas word sodat groot getalle van mense byvoorbeeld in die verskillende kafferstatte (soos dit gewoonlik genoem word) die Evangelie van die Genade van God gereeld hoor.

### WAT VAN DIE TOEKOMS

Maar nou wil ek ook nog u aandag vra vir die toekoms, die toekomsvisie. Wat staan ons te doen?

**Ons grootste bate is dat ons 'n boodskap het wat vervat is in 'n Openbaring, die Openbaring van God in Christus Jesus wat onuitputlik is, maar dan is dit ook noodsaaklik dat ons in verbinding bly met die Bron van die Lewe deur volhardende gebed, kniewerk daar in onse binnekamer en ook saans, want as ons nie tyd inruim vir gebed nie dan kan ons maar ons aksie, ook ons radio-aksie laat vaar. Bid, maar Christus het ook gesê „Waak en Bid" nie net bid nie, ons moet ook op-en-wakker wees en ons moet werk.**

Weliswaar is dit die waarheid wat die mens vry maak maar dan nie sonder harde werk nie want dit het noodsaaklik geword dat ons weer die grondwaarhede uit die Woord van God sal opdiep en sal stel teenoor die klatergoud van die Kommunisme en ander ideologieë. Hier het ons met stralende waarhede te doen wat voorop gestel moet word en in hierdie sin van die woord moet ons andermaal leer om fundamenteel te dink en dan ook heel besonderlik in dié sin dat ons gewikkel is in 'n stryd oor die hele linie heen.

Dit is 'n totalitariese oorlog wat ons voer en laat ons ons geen illusies maak nie:

# OP AFRIKA

ons vyand het homself ingegrawe. Ons vyand is op hoogte van sake. Die troepemagte van daardie vyand is geharde en selfs fanatieke soldate wat toegerus is met die allermodernste krygstuig.

**Die eer van God eis van ons dat ons hierdie mense in denke en strategie sal oortref, dat ons gebruik sal maak van die allerbeste tegniese hulpmiddels, dat ons ons sal toespits op navorsing, dat ons 'n gespesialiseerde personeel sal hê, dat die geld desnoods gevind moet word om van ons knapste jongmanne en vroue na die buiteland te stuur om daar opgelei te word.**

### PSIGOLOGIESE SKOLING

Maar deskundigheid alleen is nie genoeg nie. Ons moet ook 'n besielde personeel hê, mense wat besield is met sendingywer wat die Pinkstergemeente gekenmerk het. En daar sal veral 'n fyn psigologiese studie van die luisteraars wat ons wil bereik, gemaak moet word. Dis nie genoeg om hulle taal te praat nie, ons sal HULLE taal moet praat, daardie taal wat 'n resonerende klankbodem in hulle harte sal vind, daardie taal wat beide die enkeling en die massa sal aangryp. En met die oog hierop is dit noodsaaklik dat ons nie net hulle kultuur en hulle lewenspatroon sal ken nie maar dat ons ook kennis sal dra en sal indring tot daar waar die diepste roersele van die hart ontstaan, dat ons die verlangens van daardie harte sal ken. Hier is mense sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld en dit is u en my roeping en heerlike voorreg om hulle te wys op die Lam van God, wat sonde van die wêreld wegneem, wat al hulle probleme oplos en deur wie daar ook rus kom vir hulle onrustige harte. Ten einde dit te bereik moet dit ons toeleg wees om ons luisteraars te interesseer.

### VOLGENS ELKEEN SE AARD EN BEHOEFTE

Ek het gepraat van die navorsing wat noodsaaklik is. Ons sal byvoorbeeld moet let op die verskillende tipes wat daar is, ons sal met hulle moet rekening hou. Daar is sommige mense wat ons as gevoelsmense kan tipeer wat jy moet raak deur die emosie heen. Daar is ander wat as verstandsmense gekarakteriseer sou kon word tot wie u weer moet kom met die redebewys. Daar is die natuurmens wat veral die voorwerp van die sending is, die natuurmens wat in konkrete beelde dink sodat ons 'n konkrete spreekwyse ook as 't ware sal moet ontwerp, ons sal moet aanpas by wat hulle self sê, die taal soos ek **gesê het** van hulle eie harte praat. Ons sal ook die estetiese sin as aanrakingsvlak moet koöpteer byvoorbeeld deur musiek uit te saai wat by die volksaard pas en dan deur middel daarvan ook die radioboodskap tuis bring. Ek dink ook daaraan dat ons vyand, veral die kommuniste, heeldag gebruik maak van slagspreuke. Ons kan ook in die opsig 'n panaseë aanbied. Ons kan byvoorbeeld so tussen die musiek deur gepaste tekste herhaal want dis een van hulle tegnieke: herhaling, inskerping deur herhaling. Hulle leer die massas van Afrika dat daar geen God is nie. Telkens sou aan dieselfde menigtes kon gesê word in die taal van Psalm 14 : 1: „Die dwaas sê in sy hart, daar is geen God nie". Ons sou ook aan daardie mense wie se harte deur ongeloof onrustig bly die pragtige woorde van onse Heiland uit Mattheus 11 : 28 in die volgende versies kon aanhaal. U ken daardie woorde: „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee", ens. Maar by dit alles sal ons moet onthou dat dit ons voorreg is om te presenteer die Boodskap van Heil aan ons toegesê, maar dat die akseptasie, die bekering van die hart alleen deur die Gees van God bewerkstellik kan word.

### VERENIGDE FRONT AS EIS

**Ek wil ten slotte beklemtoon dat dit vir ons wat Christene is in hierdie dae noodsaaklik is om saam te staan en saam te werk, 'n verenigde front te vorm want ons staan teenoor 'n magtige vyand wat sy geledere gesluit het — verenigde aksie.**

Ek wil ook daar nadruk op lê dat die tyd kort geword het en dat ons aardsvyand die Satan bewus daarvan is, dat ons gedurig in gedagte moet ho[u] dat hy wat 'n organisator is, wat die ondervinding van die eeue agter hom het, dat hy die worstelstryd teen ons aangeknoop het en dat ons stryd dus nie teen vlees en bloed is nie maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die Bose Geeste van die lug — om die woorde van die Apostel Paulus te gebruik.

En hierdie wind, alias Kommunisme, sal oor die Weste waai en sal dit vernietig indien die Weste nie besef en gou tot die besef kom dat hy die aanslae daarvan kan verduur alleen in die gestalte van die waaragtige Christendom nie. Binne die eersvolgende tien jaar sal dit blyk hoe ons gebruik gemaak het van ons kanse, sal dit blyk of ook Cara sy roeping verstaan. Maar dit weet ons dat die sienlike dinge net die verganklike dinge is, dat dit die onsienlike dinge is wat onverganklik is wat sal bly, dat die Liefde wat eenmaal deur die Profeet van Nasaret verkondig is die geweldige, ja die geweldige magsontplooiing van die Vors van die Duisternis sal oorweldig. En dit weet ons ook dat Hy eenmaal aan Sy dissipels gesê het: „Vir julle geskied volgens julle geloof". ☆

* *(Onderstaande artikel is 'n weergawe van 'n referaat wat prof. F. J. M. Potgieter van die Ned. Gereformeerde Kweekskool te Stellenbosch voor die konferensie van Cara gelewer het. Die toespraak, soos per bandopname vasgelê, word deur die goedgunstige samewerking van Cara gepubliseer om ons lesers op hoogte te stel van die ontwikkeling op dié gebied in Afrika.)*

PRO VERITATE

*Editorial*

## SEPARATIST CHURCHES: Responsibility and Opportunity

How many of our Western Christians know that there are at present approximately 2600 Bantu separatist churches in South Africa? And even where this is known, many Christians from the established churches view these Ethiopian, Zionist or Messianic groups as a queer phenomenon without troubling themselves to come to a deeper understanding of these religious groups with their colourful robes, their crosses, their rhythmic dances and drums. We just accept it as something typical of African life in South Africa.

When, however, one comes to grips with the problem as presented to us by scholars like Sundkler, Turner, Taylor, Pauw and Lehmann, one realizes that a number of factors have contributed to this painful schism in the body of Christ of which the church in South Africa must take note. The divisions in the historic churches of the West, the urge of African Christians to express their adoration in ways of worship and song more akin to their own cultural background, lack of sound Biblical knowledge and training as well as lack of an adequate understanding of the legitimate place of spiritual healing in the ministry of the church — these are just some of the causes which have left us with a legacy of splits and divisions which have led us to the confession that this is also our responsibility — a responsibility which we as historic churches cannot shirk or evade.

But this sad state of affairs also comes as a challenge to the church of Christ in Southern Africa. Too long we have closed our eyes and left the matter to individual Christians to wrestle with its solution. The Protestant churches must awake to the fact that this is a wonderful opportunity given to us by God. So much could be achieved if more opportunities for theological and scientific research could be provided by the churches for their interested scholars in this field. A sympathetic approach to these groups will open many doors which up till now have remained closed. Adequate assistance must also be offered to those leaders who are desirous of better Biblical instruction and tuition. Bridges of understanding must be built without sacrificing the unique claim of Christ as sovereign Lord and King. Wisdom, tact and patience will be required by all who venture out on this new path.

This task is a challenge to the whole Christian church of South Africa. Its urgency must be underlined as well as the acknowledgement that no single church can tackle this problem with success on its own. Here is a wonderful opportunity for corporate witness and work. We realise that some groups will not respond and that others will only yield to our efforts in course of time. But there is enough sincere desire and goodwill amongst a large group of these churches which could be utilized for better training of their ministers and church members to lead them to a fuller understanding of the true nature of the church of Christ and the calling of His followers. Let the established churches unite to serve in the name of the Lord!

*Redaksioneel*

## VAN ALLEENSPRAAK TOT SAMESPRAAK

Die tydperk vanaf die Reformasie tot aan die begin van hierdie eeu kan tereg genoem word die tydvak van die alleenspraak in die lewe van die Westerse kerke. Want byna sonder uitsondering was die lewe en denke van die kerke ingestel hoofsaaklik op eie belydenis, eie benadering, eie beplanning en eie behoeftes. Wat in ander kerke gebeur het was interessant maar nie beslissend vir die eie kerklike kring nie.

Talle nuwe ontwikkelinge vanaf die begin van die twintigste eeu het in hierdie geïsoleerde geesteshouding 'n radikale ommekeer teweeggebring. Nuwe tegniese uitvindinge, versnelde kommunikasie, 'n verkleinde wêreld tesaam met die verskerpte geestelike node van 'n soekende mensdom het die kerke gedwing om die praktyk van alleenspraak en onafhanklike aksie te laat vaar. Hierdie eeu het op kerklike gebied geword die eeu van die samespraak. Die enkelgesprek het tweegesprek geword waar talle kerke hulle verskille eerlik onder oë gesien het, die skuld van hulle sondige geskeidenheid bely het en saam begin soek het na die weg van God om 'n kragtiger eenheidsgetuienis.

Die nuwe weg was nie sonder gevare nie en in baie dinge is daar ook foute gemaak. Maar in sy geheel was die wins vir die kerk van Christus oneindig groter as die skade van foutiewe insig en beslissing. Daarom moet ons hierdie ontwikkeling verwelkom as bewys dat die kerk in sy geheel meer erns gemaak het met die saak van eenheid — 'n saak wat veral om drie redes steeds meer dringend word:

Eerstens omdat Christus self hierdie eenheid vir sy kerk opeis en afbid („dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" — Joh. 17 : 21). En keer op keer word hierdie gebed in die Nuwe Testamentiese Kerk beantwoord in die handelinge van God met sy gemeente.

Tweedens omdat die nood van die sending dit eis. Wie enigiets weet van die eenparige getuienis van die Christene uit die jonger kerke, weet hoedat die sondige geskeidenheid van die Christelike kerke een van die ernstigste struikelblokke teen die voortgang van die Evangelie is.

Derdens omdat die geweldige uitdaging van anti-Christelike magte die kerke dwing om hulle kragte te verenig om 'n groter slaankrag te verkry.

In alle ander dele van die wêreld is kerke uit die Protestantse tradisie besig met die onderlinge gesprek en gesamentlike aksie. Ons in Suid-Afrika moet die les ter harte neem. Kerke met ooreenstemmende belydenisse (bv. die drie Afrikaanse kerke en die Presbiteriaanse Kerk) word in die lig van Gods Woord ernstig geroep om erns te maak met sodanige gesprek. Individuele Christene uit die verskillende kerke moet self ook meer spontaan begin optree en geleenthede vir gesprek en gemeenskap soek. 'n Christelike instituut wat sodanige samesprekinge en byeenkomste kan help inisieer, het 'n dringende noodsaaklikheid geword. Elke kerk wat aan die eis van Gods Woord wil gehoorsaam sal al dergelike stappe tot groter eenheid verwelkom as bewys dat die Gees van God besig is om kinders van God tot groter geloofsgehoorsaamheid te beweeg.

OORDENKING

# SELFBEHOUD — 'n Menslike oorweging

*„As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."* — Matth. 16 : 24, 25.

In die oorweging van ons verhouding tot die gekleurde rasse word die argument dikwels gestel dat as ons die voorstes en die ontwikkeldes en die meer beskaafdes onder hulle aanvaar as ons gelykes, dat 'n proses daarmee aan die gang gesit word wat die deure oopstel vir volle integrasie op al die terreine van die lewe. Daarmee sou ons dan ons eie voortbestaan as 'n blanke groep met 'n eiendomlike kultuur in gevaar stel. Ons sal dan deur 'n getalsoorwig oorweldig word. Hierteen moet dan gewaak word. Dit word selfs beskou as 'n heilige roeping om ons daarteen te verset, om so 'n vermenging te beveg met alle mag. Daarom word die deur geheel-en-al gesluit om niemand in te laat nie. Ons voortbestaan as 'n blanke groep word bedreig en apart wees is dan die enigste oplossing. Selfbehoud word dan 'n obsessie, 'n heilige roeping — ten koste van 'n medemens!

Die kerk word dan ook in hierdie veldtog betrek as die bewaarder van die kultuurgoedere en die volkseie. Die kerk moet die volk dien. Die kerk moet die bolwerk van 'n volks-koninkryk wees. As 'n ouderling dan in 'n Sinode opstaan en sy toespraak begin met: Heil my volk! dan sien ons wat van die kerk verwag word.

Die Here Jesus se boodskap was: „Bekeer julle want die Koninkryk van die hemele het naby gekom . . . soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word". Die koninkryk van God is ewig en sal altyd bestaan. 'n Eie Afrikaner-koninkryk of Duitse of Engelse of enige ander koninkryk sal saam met alle ander aardse koninkryke verdwyn. Daarom is dit die roeping van die christen om dié dinge te soek wat ewig is. Die Koninkryk van God kom eerste en bo alles. Die Koninkryk van God moet gesoek word bo 'n aardse koninkryk. As die kerk dan die bewaarder van die Afrikanertradisie en die volkseie moet wees, dan is dit nie vreemd dat die kerk ook apart wil wees nie. En as die kerk die spoor byster geraak en haar eerste roeping versaak het, wie sal dan praat?

Omdat ons onsself wil handhaaf en 'n eie identiteit wil behou, wil ons onsself distansieer van 'n medemens, ons apart van hom hou sodat dié dinge wat vir ons heilig is nie deur sy indringing aangetas en in gevaar gestel word nie.

### SELFBEHOUD EN DIE WET VAN DIE LIEFDE

Selfbehoud is beslis 'n geregverdigde lewensbeginsel en ons het seker die volste reg om 'n eie besondere bestaanswyse daarop na te hou maar dit mag nie geskied ten koste van 'n medemens en ook nie ten koste van die koninkryk van God nie. Twee groot lewensbeginsels soos neergelê



deur die groot Leermeester en Leidsman kom dan in gedrang, t.w. dat ons ons medemens moet liefhê soos onsself en dat ons die koninkryk van God eerste en bo alles moet soek. Een lewensbeginsel mag nie teenoor 'n ander gestel word of daarteen afgespeel word nie. Die wet van selfbehoud moet gepaar word met die wet van die liefde. As die wet van selfbehoud vereis dat ek my eiedomlike sal waardeer en beskerm, dan bepaal die wet van die liefde dat ek aan my medemens sal doen soos ek verwag dat hy aan my sal doen. As ek erkenning en respek en agting verwag van ander mense dan moet ek bereid wees om hulle ook met dieselfde gesindheid te behandel.

In ons strewe tot selfbehoud wat aanleiding gee tot apart wees, word die „teëparty", die bedreiging, dan afgeweer op so 'n wyse dat hy verneder word tot die mindere; hy word 'n vreemdeling, 'n indringer; hy word 'n verstoteling, 'n vyand. Die wet van die liefde vereis dat ek my medemens sal erken en aanvaar met sy besonderheid, sy andersheid en sy gebreke. Selfs al sien ons 'n bedreiging in daardie aanvaarding, moet ons onthou dat die liefde altyd oorwin, selfs in die aangesig van 'n getalsoorwig. Buitendien staan die belofte van onse Here Jesus: Soek eers die koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir jou bygevoeg word. Die wette van God is regverdig en die wat Hom vertrou sal nie beskaamd staan nie.

**Die Here Jesus het hierdie waarheid ook anders gestel: „Elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind". As ons selfbehoud en selfredding 'n oorwegende lewensbeginsel maak, dan staan ons in gevaar om juis dit wat ons wil behou, te verloor. Dit is die wet van God dat hy wat sy lewe wil red, dit sal verloor. Ons moet hierdie waarskuwing nie vergeet nie want anders sal ons ons perspektief verloor. Daar is 'n groter waarborg vir selfbehoud geleë in selfverloëning. „Elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind".**

Laat ons liewers ons medemens aanvaar as ons gelykes in Christus Jesus en alle hoogmoed en hooghartigheid en hoogwaardigheid op die altaar lê volgens die eis van selfverloëning en volgens die wet van die liefde aan ander doen soos ons verwag dat hulle aan ons sal doen. Hiérin lê ons behoud!

M. M. Smit.

THE CHURCH IN THE WORLD

## SOVIET CALL TO "BANISH" RELIGION

**MOSCOW, Wednesday. — The Soviet Communist Party newspaper, "Pravda", today called for greater efforts to banish religion in the country.**

**It said in a leader that "not a few Soviet people are still shackled by religious ideology".**

**Referring to the Soviet Constitution's guarantee of freedom of conscience, "Pravda" said believers must be shown the "groundlessness of religious prejudices" by stepping up "scientific-atheist propaganda" and making greater efforts to tackle believers by means of "friendly, sincere conversations." — Sapa-Reuter.**

— "The Star", 26th Sept. 1962

*Kennisgewing*

Die vervolgartikel oor **Liberalisme: Begrip en Wanbegrip** van dr. André Hugo sowel as die brief in die vervolgreeks van **Jan Calvinis** verskyn weer in die Novemberuitgawe van die blad. **Redaksie.**

# Christendom en Sosiale Rekonstruksie

Vervolg van bladsy 1

sy vakvereniging gevorm, en die het weer met ander vakverenigings gefedereer, en die het weer groter kombinasies aangegaan met federasies in verskillende lande, en selfs 'n plek weet te verower in die organisasie van die Liga van Nasies. Die gevolg is dat in plaas van die ekonomiese en sosiale teenstelling van die ou wêreld soos uitgedruk in die instelling van slawerny en die leenheer-stelsel, waarvan tog ook nog 'n sekere eenheid ten grondslag gelê het, kapitaal en arbeid vandag as twee vyandige magte teenoor mekaar staan en in die politieke vorme van Fascisme en Bolsjewisme, besig is om Europa uit mekaar te skeur en om die beskawing self ten gronde te rig.

Wat hierdie teenstellinge van die moderne wêreld nog soveel skerper en wanhopiger maak, is die feit dat as gevolg van allerlei omstandighede die waarde, wat aan die indiwiduele mens toegeken word, veral gedurende die laaste honderd jaar ontsaglik verminder het. Die afskaffing van die slawerny het aanleiding gegee tot die invoering van die loonstelsel. Die persoonlike belangstelling wat die meester gehad het in sy slaaf, het gevolglik plaas gemaak vir die beskouing van die gedurig van werkkring veranderende arbeider as 'n blote werkkrag. Die ideële opvatting van die mens het, in ander woorde, teruggewyk vir die ekonomiese. Mense word nie meer getel as siele nie, maar as hande. Wat aan hierdie depresiasie van menselike waarde nog 'n verdere stoot gegee het, was die opkoms van industrieë en die gevolgelike groei van die stadslewe. Vroeër was die man nog meester van sy werktuig, al was hy ook 'n slaaf. Nou is hy daar om die masjien te bedien, ook al is hy so vry as sy meester, kan hy met sy stem net soveel invloed uitoefen in staatsake. Vroeër het in die meer primitiewe landelike omgewing iedereen ieder ander geken. Nou ken die man nie eens die naam van sy buurman aan die ander kant van die straat nie, en hy groet nie die man wat saam met hom, as toegang tot sy deel van 'n reuse-gebou, dag na dag dieselfde trap en dieselfde deur naar die straat gebruik nie. En by dit alles kom nog die ontsettende feit dat gedurende die laaste jare mensebloed vergiet geword is soos water en mense-materiaal as reël beoordeel geword is enkel naar die waarde wat dit het vir die produksie van die verskillende, ekonomies met mekaar kompeterende lande en as deel van die nasionale oorlogsmasjien.

### DIE MODERNE WêRELD EN SUID-AFRIKA

**Ek het so uitvoerig stilgestaan by al hierdie teenstellinge en verskynsels in die moderne wêreld in die algemeen, omdat ook ons hier in Suid-Afrika ons van die invloed daarvan nie kan onttrek nie.**

Deur ons verbeterde kommunikasie-middels en deur ons vermeerderde opvoeding is ons saam met die res van die wêreld getrek in die enge kring wat onmiddellik ingelig en beïnvloed kan word deur die wêreld-gees en die wêreldgebeurtenisse. Of ons wil of nie, die teenstellinge van die grote wêreld daarbuite skep ook vir ons in hoofsaak ons eie probleme. Maar ek behoef noueliks te sê dat ons hier in Suid-Afrika, bowe alles, ook nog ons eie spesifieke teenstellinge en probleme het, wat uit ons besondere omstandighede gebore is. Ek kan natuurlik nie in besonderhede gaan nie, omdat dit nie die geleentheid daarvoor is nie, en omdat iedereen van hierdie kwessies 'n afsonderlike behandeling verdien. Maar daar is byv. vereers die al skerper wordende teenstelling tussen ryk en arm. Daar was 'n tyd toe elke wit man in ons land goed genoeg was vir die huis en die tafel van ieder ander. Die tyd is skynbaar verby. Ook ons land met sy ontsaglike minerale rykdomme en ontwikkelende industrieë is besig om naas sy miljoenêrs, met hul paleise, sy parias, in hul sinkkrotte, te vorm. Daar is verder die teenstelling tussen die goedgeletterde en fynbeskaafde aan die een kant, en die onkundige, arme blanke, aan die ander kant. Dit is 'n verskriklike gedagte dat ten spyte van ons hooggeroemde vorderinge op onderwysgebied die getal van verwaarloosde en sinkende arme blanke, volgens offisiële opgawes, binne 'n paar jaar gestyg het van honderdduisend tot honderd-vyf-en-twintig of honderd-dertigduisend en meer. Die poginge om die honderde te red kan blykbaar die hoof nie bied aan die onverbiddelike proses, wat besig is om die duisende te vorm nie. En dan is daar boweop nog die diepste en skerpste van alle teenstellinge, t.w. dié tussen blank en gekleurd. Die rasse-probleem, sover dit die twee vernaamste blanke rasse betref, het in die verlede aan Suid-Afrika baie bloed en trane gekos. Maar in vergelyking met die probleem van wit en gekleurd is dit maar van geringe betekenis. Dit is oplosbaar. Dit sal verdwyn in dieselfde mate as die volkome gelykheid van behandeling wat van staatsweë toegesê is, ook in die werklikheid en konsekwent deurgevoer word. Die teenstelling tussen blank en gekleurd is egter nie so gemaklik te oorbrug nie. Dit skep 'n diepgaande kontradiksie aan die wortel van ons staatslewe, wat gegrond is op nog iets meer as verskil in beskawing of taal of geskiedenis of algemene lewenswyse. In die Verenigde State, waar die neger-element maar hoogstens eentiende van die bevolking vorm, het politieke gelykheid en opvoeding die probleem nie opgelos nie, maar dit inteendeel werkelik verskerp, sodat die verhouding tussen die blanke en gekleurde rasse daar vandag werkelik slegter is as in die slawe-tyd. In Suid-Afrika, waar die toestand ontsaglik bemoeilik word deur die feit dat die blanke bevolking maar een-vyfde deel van die geheel vorm, is die kanse op 'n bevredigende oplossing blykbaar nie rooskleuriger nie. En soos die uitgedrukte opienie van die opgevoede deel van die naturelle duidelik genoeg aantoon, word selfs die bestaande duldbare verhoudinge van die gekleurde rasse teenoor die blanke nie beter nie, maar gaandeweg erger.

### BASIS VAN OPLOSSING

**Die oplossing van die probleme van die moderne wêreld, en ook van ons hier in Suid-Afrika, is ten slotte dieselfde as die wat die teenstellinge oorwin het van die oue wêreld. Dit moet en kan gevind word alleen onder invloed van die inspirerende Christelike gedagte van die Vaderskap van God en op die basis van die oneindige waarde van iedere mens en van die algemene menslike broederskap. Dit spreek vanself dat die toepassing op ieder aparte probleem verskillend sal wees, maar die gees en die rigting moet dieselfde wees in ieder geval.**

Die vryheid van die nasionaliteite moet teen wedersydse inbreuk daarop beskerm word deur dit by almal te beteuel en dit onder die beheer te bring van die internasionale reg. En van hierdie internasionale reg moet 'n algemene en onpartydige Volkerebond met sy daarmee gepaard gaande Internasionale Geregshof, die opsteller en waarborg wees. Die arbeider moet deurdring word met die gedagte dat kapitaal as die noodsaaklike vereiste vir werkverskaffing, sy vriend is, en die kapitalis, aan die ander kant, moet weer verstaan dat rykdom sy dure verpligtinge met sig meebring. Daar rykdom uit die publiek en met behulp van die arbeider verkry is, het niemand ook die reg om dit te besit vir sigself alleen nie, maar moet hy dit besit vir sy medemense, en nie ook die minste nie, vir diegene, wat dit help vergader het. En tussen werkgewer en arbeider moet geskep, en soveel as moontlik is tot perfeksie gebring word, die nodige masjienerie om reg te doen en geskille te voorkom.

**Ons rasse- en kleur-probleme moet opgelos word, langs lyne van regverdigheid en die vervulling van ons verpligtinge teenoor die swakkere, en verder op die grondslag van ons erkenning dat ook die gekleurde rasse 'n inherente reg het op hul eie onbelemmerde ontwikkeling naar eie aard en aanleg op die basis van die Christendom. En in die algemeen moet opnuut ontdek word die mens as 'n siel, die mens in sy goddelike adel en sy ewige waarde, die mens met sy oneindige moontlikhede, waaraan geen geld of moeite ooit beskou kan word as verspil te wees nie, die mens as ons volksgenoot, ja nog meer, as ons broeder. Hierdie ontdekking sal beteken die uiteindelike oorbrugging van ons teenstellinge en die redding en opheffing van ons verwaarloosdes.**

### DIE JEUG AS HOOP VIR TOEKOMS

Ten slotte wil ek dit uitspreek as my oortuiging dat die hoop van die wêreld nie lê in die ouere geslag wat nou die bewind voer en die leiding in hande het nie, maar by die jonge mense, en veral by die opgevoede deel daarvan, en by u, Christelike studente. Een van die droewigste kenmerke van die mensheid van vandag is dat dit sy ideale verloor het. Daar was 'n tyd, nog maar enkele jare gelede, toe dit anders was, en toe die ganse wêreld reikhalsend uitgesien het naar die nuwe en betere wêreldorde, wat as die dageraad op die kimme reeds begin te skemer het. Dit was toe die President van Amerika sy boodskap van reg en vrede as die grondslag van 'n nuwe broederskap van die nasies aangekondig het, en toe onder die geklank daarvan die gekletter van wapens opgehou het. Dit was helaas, dank sy die lis van staatsmanne, en die wilde hartstogte van volke,

Vervolg volgende kolom

maar 'n korte soete droombeeld. Die bittere ontnugtering is gekom en die skitterendste, edelste ideale wat die wêreld ooit gehad het, lê vandag in puin. Die mensheid geloof nie meer nie. Hul geloof skaars nog in God, en in hulself nog minder. As daar nuwe hoop en nuwe lewe sal kom vir die wêreld, dan moet dit kom uit die onbeskadigde ideale en die frisse krag van die jeugd. Dis nie die volk wat uit Egipte gekom is nie, maar die volk wat in die woestyn gebore is, wat Kanaan sal binne gaan.

**U sal dit doen, u sal ons volk 'n geweldige stap nader bring aan die oplossing van sy dringendste vraagstukke en die wêreld aan die oorbrugging van sy skerpe teenstellinge, as u u verstand en u hart laat vorm onder die invloed van die grote, fundamentele, sentrale Christelike gedagte van die Vaderskap van God, en as u in die idee van broederskap van alle mense u inspirasie vind, sowel as die basis van u werksaamheid vir die rekonstruksie van die menslike maatskappy.** ☆

# Gedryf deur die Liefde van Christus

Dr. J. A. Schutte

### DIE HELD

Dit was in die tyd toe Lord Charles Somerset goewerneur aan die Kaap was. 'n Jong sendeling het in Januarie 1817 hier aangekom. Hy wou na Namakwaland. Daar moes die lig van die evangelie ontsteek word onder die mense van die streek. Die goewerneur het egter verlof daartoe geweier. Dit was vir blankes doodsgevaarlik. 'n Bastermens met die naam van Christiaan Afrikaner het in die streek aan die hoof gestaan van wilde hordes, saamgevat uit gevlugte slawe, ontsnapte misdadigers e.a. geweldsmense. Die dood sou vir die jong sendeling, Robert Moffat (dit was sy naam) daar wag. Moffat het by die goewerneur aangedring om te gaan. Dit is toegestaan. Die moedige, dapper jong held van die kruis het vertrek, gedring deur die liefde van die Here vir God se skepsels in so groot geestelike nood.

### DIE WONDER

En toe gebeur die wonder. Nadat Moffat vir 'n volle jaar vinger alleen onder die mense geleef en gewerk het, het hy dit so ver gebring dat die bendeleier, Afrikaner, hom vrywillig aan die polisie oorgegee het, nieteenstaande daar 'n prys van honderd pond op sy kop was. **Moed, geloof in die magtige Here, die Koning van die kerk, die swaar offers het God nie onbekroon gelaat nie!**

### MOFFAT SE GELOOF IN DIE LIEFDE VAN CHRISTUS

Nog 'n insident uit die lewe van hierdie groot sendingman. Op Kuruman, die hoofkwartier van Moffat, kom twee vername gesante van die tiranniese bloeddorstige Silkaats aan.

**Moffat het geglo dat die liefde die vrees verdrywe, dat liefdebetoon, beleefdheid, gasvryheid Christelike deugde is, waarvan hy hom nie mag losmaak nie.**

Die twee Matabeles is baie vriendelik ontvang. Moffat het hulle die waterleidings op die sendingaanleg gewys, hulle voorgelig in landboumetodes. Dit het groot indruk op hulle gemaak.

Op die terugreis het Moffat die twee Matabele-indoenas vergesel omdat die twee se lewes moontlik in gevaar gestel sou word van die kant van Betsjoeanastamme, wat uit weerwraak vir moorde op rasgenote uitgevoer, die twee sou vermoor.

Toe hulle op Mosega aankom, wou Moffat terugkeer. Sy eggenote Mary, is seker al baie bekommerd oor hom, het hy gesê. Hulle het die sendeling-begeleier egter gesmeek om nie van hulle te skei nie, maar saam te gaan tot by die hoofkwartier van die groot Olifantbul, koning Silkaats. Moffat sou dus met die wreedste, die onmenslikste, die moorddadigste van alle swart heersers in Suidelike Afrika persoonlik kennis maak.

### MOFFAT EN SILKAATS

Wat het in sy hart omgegaan toe hy, die dienskneg van God, in die kraal ingelei is tussen twee afdelings swart soldate wat in hulle duisende aanwesig was? Hoe moes Moffat te moede gewees het toe 'n afdeling impi, wat hulle agter hutte versteek het, op sy geselskap afstorm om daarna links en regs weg te swaai? Sy beleefdheidsbewyse aan, sy toegeneentheid tot die Matabele gesante op Kuruman het op Koning Silkaats groot indruk gemaak. Hierby kom nog die aangename indruk wat sy Christelike persoonlikheid op alle mense, ook op die Matabelevors gemaak het. Die koning sou Moffat later „vader" noem en hom versoek om as sy (Silkaats s'n) leermeester op te tree. Hy het die geleentheid aangegryp om hom van God, Christus, die opstanding uit die dode te vertel. En hoewel Silkaats nie bekeer is nie, het hy hom sterk laat beïnvloed deur Moffat, o.a. toe hy drie beskuldigdes nie met die dood gestraf het, omdat die witman in die kraal nie van bloedvergieting hou nie. (Moffat het naamlik vir Silkaats uit Gen. 9 aangehaal dat die wat bloed vergiet, se bloed self vergiet sal word).

Silkaats het voorts met allerhande vriendelike gebare na vore gekom. Hy het naamlik Moffat vir 'n end vergesel op sy terugreis, het later hout aan hom voorsien vir die bou van 'n kerk te Kuruman. Dikwels het Moffat met sukses tussenbei getree as Silkaats voornemens was om persone of dorpies te laat uitmoor. Hy het ook die vrylating verkry van 'n blanke vrou en later sekere konsessies vir sendingwerk in Matabeleland verkry.

### DIE LES

God gee ook aan u, leser, moed, geloof, ywer, geesdrif en volharding, bowenal liefde tot die sendingobjekte. Die geskiedenis van Moffat het ons geleer dat God dit alles reeds in hierdie lewe dikwels nie onbeloon laat bly nie. Agterdog, haat, vrees, ongeloof, vertroue op geweld alleen sal ons nie die goeie laat sien nie. Glo in God, glo in Sy Woord wat wonders kan werk by die verhardste, gevaarlikste heidenmens. Laat ons let op ons voorbeeld. Het 'n Kikuyu-christen dan nie die Mau-Mau-vervolgers beskaam, toe hy vóór sy teregstelling sy nuwe baadjie aan sy beule aangebied het nie? Gevolg: hulle was so diep beïndruk deur die Christen dat hulle sy lewe gespaar het. ☆

# VRYHEID

DS. D. J. MALAN, RONDEBOSCH

# Vryheid

**Vryheid staan groot in die teken van ons tyd. Elke mens wat normaal mens is en elke volk wat tot homself gekom het, het 'n ingeskape vryheidsin en ontwikkel 'n onweerstaanbare drang na vryheid. Hierdie sterk positiewe drang gaan gepaard met 'n sterk negatiewe striemende gevoel teen alle onvryhede en 'n akute grief teen iemand of 'n mag wat sy vryheid aan hom ontneem of vir hom beperk. Deur opvoeding en ontwikkeling laai daar 'n hoogspanning op tussen die pole omdat bekwaammaking die uiting en vryheid soek vir die ontplooiing en aanwending van die bekomde bekwaamheid. Hierdie vryheid mag nie weerhou word nie en sy belemmering skep agitators. Dit is belangrik. Daarom is die God van die ontwikkelde mens 'n God wat uitred en verlos van belemmeringe en beperkende bande.**

Die mens het 'n sterk kudde-instink en daarom dring hy na posisies van mag om deur die verenigde mag van sy kudde die vryheid te handhaaf en steeds meer uit te bou. Sy God is nie net sy persoonlike God nie, maar die God van sy volk. Onkeerbaar streef hy dus nie net vir sy persoonlike vryheid nie maar vir sy volksvryheid. Hiermee moet rekening gehou word. Waar die skeiding van volksgroepe nie „volkome" kan wees nie, (al sou 'n groot gedeelte van die groep aparte vryheid geniet) sal die andere, gerugsteun deur die vrygemaakte groep, hulle vryheid opeis. Die wesentlike probleem sal met geduld en wysheid, met geregtigheid en mense-liefde moet opgeklaar word. En die noodsaaklike magte sal deur algemene beginsels van geregtigheid, sonder aansien van persoon of groep, moet regeer. Is daar sulke algemene ewig vasstaande beginsels? Voor ons hierop 'n antwoord soek, laat ons enige grondwaarhede oordink.

Omdat die mens nie anders kan as om buite sy medemens te staan nie, skep sy heerskappy die probleem van oorheersing sodat heerskappy, nolens volens, die vryheid van andere beperk. Byvoorbeeld die blankes oorheers die nie-blankes weens hulle geld en regeringsmag. Dit het inherent die ontneming van vryheid ingehou. In oorheersing is daar nie egte algemene vryheid nie. Daar is niks so frustrerend as die belemmering van die vryheid van 'n groep nie. Daar is niks so striemend en wat sulke vretende griewe skep as die belemmeringe van vryhede nie. Die gevolg is opstand en die gryp na geweld — en geslaagde geweld gee weer aanleiding tot wraakneming. 'n Gevaarlike kringloop word geskep. Die vryheidsdrang het 'n nie-blankedom-gees ontketen en 'n gees eenmaal ontketen laat hom nie weer maklik aan bande lê nie. Wie sal ons verlos uit hierdie bose impasse?

Laat ons verder oordink. Daar is 'n vryheid tot die goeie sowel as tot die kwade. Ons Here Jesus lê die vinger hierop. Jesus sê: Die slegte boom dra slegte vrugte volgens sy aard; so dra die goeie boom goeie vrugte in ooreenstemming met die geaardheid wat hom innerlik beheers. Die wat uit die vlees gebore is, dra die vrugte van die vlees. Gal. 5 : 19—21. So ook dra hy wat deur die Gees van die Vader weergebore is vrugte tot die eer van God en homself in die koninkryk van God. Ek kan van Myself niks doen nie, maar die Vader wat my gestuur het doen die werke. Soos U, Vader, in My en Ek in U, dat ook hulle in Ons een mag wees" Joh. 17 : 21. Iedere mens het sy demon of geestelike beïnvloeding; satanies uit satan, of goddelike uit God.

### OORWINNING DEUR INNERLIKE VRYHEID

Ons het hieroor uitgewy omdat ons hier die sleutel vind vir die oplossing van die vraag: „Wie sal ons verlos van hierdie bose impasse?"

Socrates is deur sy volk veroordeel, maar hy het deur innerlike vryheid en deur homself getrou te bly, met geestelike oorwinning die gifbeker opgeneem en geledig. Paulus het deur die Gees van Christus in hom in die tronk sy vryheid behou, in die vrede van God geleef en al wat goed is bedink.

Ons Here Jesus het Homself nie deur die fisiese geweld of deur Joods-wettiese instellings en gebooie laat belemmer nie. Jesus word onderdruk, verag en gekruisig, maar dan volvoer sy vyande sy triomf. Hy het sy weg in volkome vryheid bewandel en sy werk en taak in trou aan die wil van sy Vader volbring; Hy word nie gekruisig nie, maar aanvaar die kruisdood in die volvoering van die plan van sy Vader; Hy sterf nie maar gee sy Gees oor in die hand van sy Vader.

Dit is die Gees wat die christen wederbaar tot 'n nuwe skepsel wat na God geskape is in geregtigheid en liefde; dit is hierdie gees wat die gelowiges moet indra op al die terreine van die regering en die lewe; so kom die koninkryk van God op die aarde.

Het hierdie idealisme 'n grondslag? Hierdie vraag het verhoogde betekenis in ons tyd omdat die moderne mens sy geloof in God en in die ewige woord van God verloor het. En deur die verlies van God en godsdiens het die mens sy gewete verloor en wat oorgebly het is gevaarlik omdat dit onverlig is deur die ewige woord van God. Die mens het in die egte, oorspronklike sin sy gewete verloor omdat nie die ewige God maar die staat sy gewete bepaal en beheers. Die wetenskaplike opvoeding is geheel toegespits op die sigbare natuur en die onsigbare natuurkragte om dié te ken en te beheers.

**Die mens het egter onkundig en kragteloos geword op die gebied van die geestelike en het sy geestelike beheersing so verswak dat hy bedreig word om die slagoffer te word van die ontsettende natuurkragte waaroor hy tot heerskappy gekom het. Die mens is sodoende besig om sy wesentlike, sy egte vryheid van gees te verloor. Die primitiewe mens het geworstel om hom vry te maak van die fisiese krag van die dier wat sterker is as hy. Nou worstel die mens om nie die slaaf en slagoffer van die natuurkragte te word wat tot sy beskikking gekom het; sy morele vryheid word bedreig; die geregtigheid het onbestendig geword; op moreel-geestelike gebied het die mens sy weg byster geraak. Is daar dan 'n morele wet wat fondament en rigting aan die mens kan gee? Daar is, en die opvoeding en godsdiens moet met alle mag strewe om hierdie wet tot krag te bring aan die onontwikkelde mensdom.**

### IS DAAR 'N ALGEMEEN-GELDENDE SEDEWET?

Is daar 'n algemene onveranderlike standaard van moraliteit wat nie bepaal word deur persoonlike en sosiale neigings nie, en wat nie onderwerp is aan die wil van die staat nie? Is daar 'n „heilige" ongeskrewe wet wat goddelik ingegraveer is in die wese van die mens? Is daar so 'n morele wet en reg waarop Petrus en Johannes hulle beroep het toe hulle verklaar het: „of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God?"

Meer as vier eeue voor Christus het Sofokles in die drama Antigones die antwoord beliggaam in die antwoord van Antigones aan die Koning (tiran) Creon:

**Creon:** En u het gedurf om hierdie wette te oortree?

**Antigones:** Ja, omdat Zeus (die oppergod) volstrek nie die uitvaardiger van sulke wette is nie, en waaraan ek my moet hou nie. Ook die Reg, wat by die gode hier benede woon, het nie sulke wette aan mense voorgeskrywe nie; ook ag ek nie dat u dekrete by magte is om 'n blote sterweling daartoe in staat te stel om oor die ongeskrewe en onveranderlike wette van God te stap nie. Omdat hierdie wette nie van vandag of gister is nie, maar van ewigheid af en niemand weet wanneer hulle ontstaan of verskyn het nie. Ook is ek nie genoeg swakkeling om, uit vrees vir die insig van enigiemand, die straf te ontduik nie. Ek weet goed dat ek gedoem is om te sterwe al het u die oordeel nog nie uitgespreek nie. Moet ek dan voor my tyd sterwe dan ag ek dit wins vir my".

**Voor alle mensgemaakte wette het God, skepper van die natuur en van sedelike mense, sy wette in hulle wese ingeskape. Hier is die geregtigheid van God wat ware vryheid skenk en daar is geen ware vryheid of die vrede van God sonder die geregtigheid van God nie.**

Soek as eerste en as die hoogste die koninkryk van God in sy geregtigheid. God regeer deur onfeilbare wette in die natuur en deur onkreukbare geregtigheid op geestelike gebied en die mens regeer slegs waarlik wanneer sy regering in ooreenstemming is aan die regering van God.

**Ons Here Jesus was so volmaak vry omdat Hy so volmaak in ooreenstemming met geheel die wil en wet van sy Vader geleef en gely het. En Hy leer ons dat ook ons alleen vryheid vir onsself verkry en andere in vryheid kan laat lewe as ons in dieselfde konformiteit aan die wil en wette van God lewe, soos Hy geleef het. Om teen Gods wette te gaan is dwaasheid en is die ongeregtigheid. „Daar is teen God nie te stry nie".**

Maar die mensdom is besig en sal deur bittere ondervindinge moet leer dat enkel en alleen as sy regering en beleid in beginsel en toepassing ooreenkom met „die Regering van God in sy geregtigheid", hy met wysheid kan regeer. Langs geen ander weg, allermins deur geweld kan, „vrede op die aarde, in die mense 'n welbehae", bewerk word nie. Is ons heldersiende en onselfsugtig genoeg om die Opperste Regering deur ons te laat regeer? Om die hemelse visioen eenmaal te besef en dan aan „hierdie hemelse gesig nie ongehoorsaam te wees nie", bly ons oorgawe in gehoorsaamheid aan God en ons strewe.

### JESUS EN MENSLIKE WETTE

Die Fariseërs het geleef en gestrewe na die volmaakte onderhoud van die tradisionele godsdienstige wette en hulle het daardeur net hulleself en andere aan bande gelê en deur hierdie knellende „gebooie en insettinge van mense", geen innerlike en ware vryheid bereik nie.

Jesus het Hom losgemaak van sulke menslike wette, maar Hy het geheel geleef vir die volmaakte doen van die universele wil en wette van sy Vader. God is ook „onse Vader". En soos God deur sy onfeilbare en ewige wette uit chaos die geordende heelal geskape het en nog onderhou so kan die mens alleen deur sy reg en regering in konformiteit aan dieselfde wil en wette orde en vryheid skep en onderhou onder alle mense. Die regerings sal globaal moet dink omdat daar al meer 'n wêreldorde tot stand kom sodat 'n regering nie alleen interne belange in ag kan neem nie, maar **rekening** moet hou met die ander regeringe en die algemene belange en strewe van die mensdom. Dit skep 'n nuwe ekonomie. Alleen deur die toepassing van die universele beginsels en wette sal botsinge en oorlog op die aarde ophou. Deur eiesinnige afwyking van die universele regte en wette word 'n gevaarlike chaotiese toestand geskep en kan geen ware vryheid en vrede seëvier nie.

**Dat die mensdom vandag in vrees, vyandskap en onsekerheid verkeer is bekend. Jesus het in lewe en woord die oorsaak van hierdie toestand bloot gelê. Die kreërende en orde-skeppende Liefde van God ontbreek in die hart. Hy self het in hierdie liefde geleef en sy lewe aan 'n kruis gegee om die mens vry te maak om in dieselfde Liefde te leef en in geregtigheid te regeer (Joh. 8 : 31—36).**

### KEUSE WAARVOOR MENSDOM STAAN

Dus, 'n groot gedeelte van die mensdom het die stadium van ontwikkeling bereik waarop die ideaal en lewensdoelwit van Jesus moet heers anders staan ons aan die aand van die beskawing.

Die wetenskap het reeds geslaag om deur navorsing die mens van onkunde en beperkende vooropgevatte en vreesagtige denkbeelde te verlos en deur gehoorsaamheid aan die wette verbasende hoogtes op fisiese gebied te bereik.

Sal dan nou ook op geestelik-morele gebied deur onbevooroordeelde insig in die lig van die universele beginsels die mens en sy regerings leer om in vreeslose gehoorsaamheid aan die ingeskape geestes-wette te regeer en te handel nie? Sal die vordering op geestelike gebied dan tred hou met die ontwikkeling op fisiese gebied op so 'n wyse dat die gees die fisiese sal beheers? Die ontwikkeling van die toekoms hang af van die beantwoording van hierdie vraag.

Dit is tog glashelder dat deur eiesinnige geweld in wapens die ingeskape regte en wette verkrag word. En, laat daar geen twyfel wees nie, die stryd teen die vrymakende wette van God is dwaasheid. Teen God is nie te stry nie. Vir eie behoud, die egte motivering vir die egte geregtigheid en vryheid is die verligte Liefde! Is ons hart te eng hiervoor? Wil ons anders regeer as God? ☆

# BRIEWE VAN LESERS

*Geagte Redaksie,*

*Die „Nederlandse Instituut voor de publieke opinie" het 'n ondersoek ingestel by 'n aantal gesinne in Nederland en die vraag gestel: word daar voor en na die maaltyd gebid en gedank"?*

*Daarop is soos volg geantwoord:*
64% : ja.
22% : nee.
14% : geen antwoord.

***Hieruit blyk dat om watter** rede ook al, die gebed aan tafel nog in ere gehou word, of nog as 'n behoefte gevoel word. Nou kan dit natuurlik ook net as 'n blote tradisie of gewoonte gedoen word. Ons kan ook nog ander gevolgtrekkinge maak. In elk geval is die antwoorde nie 'n waardemeter van die „vroomheidsgehalte" van 'n volk nie.*

*Maar daar word nog gebid en gedank by die maaltyd.*

*Hoe lê die verhoudinge in Suid-Afrika? Ons verwys baie na die onkerklikheid in Nederland en met reg. Maar is dit in ons land soveel beter?*

***Watter persentasie van ons lidmate gaan gereeld kerk-toe?** Moet ons die ander wat nooit kerk-toe gaan ook nie as onkerklikes beskou, al betaal hulle dan die bydraes en kom hulle nog in die lidmaatregisters voor? Dis mos nie die belangrikste nie. Die punt is: hoeveel meelewende en meewerkende lidmate is daar? Hoeveel van ons lidmate is in een of ander vorm aktief as dienskneg in die koninkryk van God? Sendingkommissies, ons Susters-verenigings en ons Jeugklubs?*

***Dit bepaal die gehalte van kerklike lewe.** As hierdie dinge lewe in die hart van die gemeente dan is ook die kerkbesoek in orde.*

*Ouderling.*
*Johannesburg.*

# EKUMENISITEIT

— Prof. B. B. KEET

***'n Groot woord, maar laat dit niemand afskrik nie! Dit staan vir die beweging in ons tyd wat op kerklike gebied uitdrukking probeer gee aan die artikel in ons algemene, christelike geloof: „Ek glo aan die heilige, algemene, Christelike Kerk" — 'n beweging wat van betreklik resente datum is en saamval met die opkoms van die moderne wêreldbeeld as 'n eenheid waarin die skeidinge van ruimte en tyd weggeval het.***

Vroeër het ons nog grotendeels ons eie, geïsoleerde weg gegaan, sonder om ons veel te bekommer oor wat die res van die wêreld dink en doen, vandag is dit nie meer moontlik nie. Wat in een deel van die wêreld plaasvind, laat sy gevolge onmiddellik in al sy dele gewaar word, en dwing ons om ons eie verhouding daarteenoor vas te stel. So het die wêreld as 't ware in omvang gekrimp dat sy eenheid vir elkeen sigbaar geword het. Daarmee het die roeping van die kerke ook onmiddelliker geword as iets wat nie net vir die verre, onbekende toekoms betekenis het nie, maar hier en nou vervul moet word. Die toekoms is hier by ons; ons is deel van hierdie een wêreld.

Daarom hoef dit ons nie te verwonder nie, dat die ekumeniese beweging van alle kerklike vraagstukke nie die aktueelste is: **ons is mense van ons tyd en dit sou dwaas wees om terug te wil gaan tot tye en omstandighede wat so radikaal anders is; ons word verplig om ons rekenskap te gee van ons roeping in die wêreld waarin ons lewe.**

Afgesien van die roeping van die Christelike kerk om altyd en oral sy eenheid in Christus te bely, is dit ongetwyfeld hierdie veranderde wêreldbeeld wat 'n kragtige stoot aan die ekumeniese beweging gegee het, beginnende by wat geskeie is hoewel dit bymekaar hoort, en voortgaande tot die bymekaarbring van hulle wat nog ver en vyandig teenoor mekaar staan, hoewel hulle dieselfde Here aanbid en dien. 'n Kort oorsig oor die ontwikkeling in die laaste jare sal dit duidelik maak.

### ALGEMENE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK

Ons begin by wat naaste aan ons lê. In Oktober van hierdie jaar kom die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika in Kaapstad byeen om uitdrukking te gee aan hulle organiese eenheid, wat na 'n honderd-jarige skeiding, hoofsaaklik om historiese redes, nou in hulle eenheid herstel word. Of dit in die voorsienbare toekoms opgevolg sal word deur 'n nouer vereniging met die ander kerke van gereformeerde belydenis in ons land, sal niemand met sekerheid kan voorspel nie, maar daar bestaan geen twyfel dat dit die eis is van die tyd waarin ons lewe. Ons staan op dieselfde belydenisgrond, pas dieselfde beginsels van kerkregering toe en verskil heel weinig in die praktyk van kerklike handelinge. Buite Suid-Afrika is daar tal van voorbeelde waar die totstandkoming van groter eenhede onder kerke van dieselfde gesindte in die laaste jare plaasgevind het. Ons noem slegs enkele: Die Presbiteriaanse Kerke van Skotland is nou die een Kerk van Skotland; die Presbiteriaanse kerke in Amerika het saamgevloei tot die een United Presbyterian Church of America; en in die jongste verlede het vier Lutherse kerke van Amerika onderskeidelik van Duitse, Sweedse, Finse en Deense oorsprong, die Lutherse kerke van Amerika geword, met 'n lidmaatskap van oor die drie miljoen en 'n predikantetal van 6500.

**Die drang na eenheid word, egter, nie beperk tot kerke met dieselfde belydenis en kerkregering nie. Bekend is die voorbeeld van Suid-Indië waar Anglikane, Presbiteriane en Metodiste jarelank reeds verenig is in die Kerk van Suid-Indië, en op die oomblik word voorstelle voorberei, ná onderhandelinge wat al agt jaar lank aan die gang is, om ook die Lutherse in te sluit en 'n Verenigde Kerk van Indië te stig. Soos Cecil Northcott dit in die „British Weekly" uitdruk: „In India, Ceylon and Canada the pace of unity has been hot".**

### WÊRELDRAAD VAN KERKE

Om die kring nog breër te trek, sedert die jaar 1948, toe die Wêreldraad van Kerke ontstaan het, het sy ledetal uitgebrei totdat dit vandag verteenwoordigend is van meer as 200 kerke van Protestantse, Oudkatolieke, Lutherse en Russies-ortodokse belydenis in meer as tagtig lande, met miljoene aanhangers.

Dit spreek vanself dat die beweging van die kleiner na die groter kring 'n beweging van 'n intiemer tot 'n losser gemeenskap sal wees, maar elke kring dra in homself die drang om 'n altyd wyer gemeenskap tot stand te bring. Dit word gegee in die karakter van die evangelie self wat, soos die waarheid, universeel is en nie tot uitgesoekte ingewydes beperk kan word nie.

**Christus is Saligmaker van die wêreld en sy kerk is 'n wêreldkerk. Hoe armoedig sou 'n Christendom wees wat nie die hele wêreld omvat en vir alle mense geld nie! En hoe ryk is die vertroosting wat voortvloei uit die besef dat die evangelie vir al wat mens is die krag van God tot saligheid is vir elkeen wat glo! Al verskil ons ook hoeveel in ander opsigte wat afkoms, kleur en beskawing betref, hier staan ons op gelyke voet in ons gemeenskaplike skuld en in ons gemeenskaplike verlossing.**

### BEOORDELING VAN DIE EKUMENIESE BEWEGING

Met hierdie kort en, noodsaaklikerwys, onvolledige oorsig oor die ekumeniese beweging van ons tyd kom ons by die vernaamste deel van ons ondersoek waar ons antwoord probeer vind op die vraag: hoe moet ons hierdie beweging beoordeel soos dit in die Wêreldraad van Kerke sy beslag vind, en wat moet ons houding daarteenoor wees? Daaraan sal 'n ander vraag moet voorafgaan, nl. wat is die wese van die een, algemene kerk waaraan ons glo en wat ons bely? Gereformeerde belydenisskrifte antwoord in byna gelykluidende terme bv. die Nederlandse Geloofsbelydenis: „Ons glo en bely 'n enige, katolieke (algemene) kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees"; en die Westminister Confession: „The Catholic or universal Church which is invisible, consists of the whole number of the elect that have been, are and shall be gathered into one under Christ the head thereof; and is the spouse, the body, the fulness of Him who filleth all in all".

**Diensvolgens kan ons vasstel dat die wese van die kerk deur die ware gelowiges bepaal word; hulle is die liggaam van Christus wat Hom hier op aarde verteenwoordig en vir Hom getuig. Oral waar gelowiges saamkom, daar is die kerk. „Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde" (Matth. 18 : 20). As dit waar is van die eenheid van die onsigbare kerk, moet daar 'n weg wees om daaraan sigbare uitdrukking te gee.**

„Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Matth. 5 : 14—16). Die kerk is nie slegs 'n heiligdom, waar ons vernuwing van geestelike krag ontvang vir ons getuienis in die wêreld nie, die kerk is veel meer — dit is die verteenwoordiger van Christus op aarde, 'n voortsetting, as 't ware, van die inkarnasie. Daarom kon die apostel skrywe dat God in Christus die wêreld met Homself versoen en die woord van die versoening aan ons toevertrou het. „Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: laat julle met God versoen" (II Kor. 5 : 19—20). Die vraag is, watter soort getuienis 'n kerk kan lewer, wat in sy dele nog onversoenlik teenoor mekaar staan, mekaar bestry en beny. Watter uitwerking sal dit hê op die sendingtaak van die kerk as ons weier om saam te werk?

### VERWANTSKAP EKUMENIESE BEWEGING EN SENDING

Dit is voorwaar nie sonder betekenis nie, dat die vroeë Christelike kerk so vinnig uitgebrei het omdat die buitestaanders die vrug van hulle geloof gesien het: „Kyk hoe lief het hulle mekaar"! Dit is dan ook nie te verwonder nie, dat die ekumeniese beweging, byname die Wêreldraad van Kerke, sy kragtigste stoot uit die sendingtaak van die kerk ontvang het, en dat die amalgamasie van die Wêreldraad en die Internasionale Sendingraad 'n natuurlike ontwikkeling was.

**Feit is, dat die drang na ekumenisiteit daar die sterkste is waar die kerk sy sendingtaak ernstig aanvaar. (Indië, Ceylon, Amerika, ook Sentraal-Afrika). Die dryfkrag lê in die openbaarmaking van die geestelike eenheid van die kerk, wat ongetwyfeld bestaan, „sodat die wêreld kan glo" (Joh. 17 : 21). Hoe ons ook mag verskil oor die vorm wat hierdie eenheid na buite moet openbaar, die feit kan nie ontken word nie, dat geen enkele faktor so skadelik vir die sendingsaak is nie, as die verdeling van die Christendom in soveel konkurerende en selfs vyandig teenoor mekaar staande kerk en sektes.**

Die kerke is een en algemeen omdat die waarheid een is. Daarom sal die strewe na een of ander vorm van sigbare eenheid gepaard moet gaan met 'n soeke na eenheid van belydenis, die belydenis is egter nie die voorwaarde wat toegang tot die gemeenskaplike weg verleen nie; dit lê aan die einde van die weg, dit is die doel van ons pelgrimstog. Om te beweer dat die doel in ons sondige bedeling nie bereikbaar is nie, ontslaan ons nie in die verpligting om daarheen te beweeg nie, net so min as ons roeping tot heiligmaking verwaarloos kan word omdat ons dit in hierdie lewe nie volkome kan bereik nie.

Ons blywende sondigheid kan geen verskoning vir onverskilligheid wees nie, want dan gee ons die stryd reeds by die aanvang gewonne.

### VOORWAARDES TOT LIDMAATSKAP

Voortgaande in hierdie gedagtegang vind ek my in volkome ooreenstemming met die voorwaardes tot lidmaatskap soos deur die Wêreldraad neergelê: alle kerke word verwelkom, wat Jesus Christus as Here en Verlosser erken. Hierdie verklaring is enigsins in later jare gewysig, maar bly essensieel dieselfde. En tereg, want as daar 'n presiese definisie neergelê word van watter kerk of groep as christelik beskou moet word, sou dit tot soveel moeilikhede lei dat die ekumeniese karakter van die Wêreldraad sou verdwyn. Want na mate die basis van lidmaatskap uitgebrei en presieser word, sal die getal deelhebbers inkrimp. Ons het 'n voorbeeld daarvan in die sogenaamde Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat nóg sinode nóg ekumenies is.

Natuurlik beteken dit nie dat die Wêreldraad hom nie wel deeglik kan uitspreek oor tal van christelike waarhede wat deur alle kerke bely word nie (daar is veel meer wat ons aan mekaar bind as wat ons van mekaar skei) maar sulke uitsprake kan geen voorwaarde tot lidmaatskap wees nie, omdat hulle nie aan die begin van die weg lê nie, maar verderop, na mate die gesprek voortgang maak en insigte verdiep word. Bowendien sou die verwyt wat so dikwels teen die Wêreldraad gemaak word, dat dit 'n super-kerk wil wees, die teëhanger van die Rooms-Katolieke kerk, wel dan enige grond hê, omdat dit sy lidmaatskap sou beperk tot hulle wat 'n bepaalde belydenis onderteken.

**Die Wêreldraad is geen kerk nie, maar die ontmoetingsplek van kerke wat in gesprek met mekaar is, en probeer uitdrukking gee aan hulle eenheid in Christus. Daarom word van geen kerk verwag dat dit sy eie belydenis moet verloën nie, want elkeen het 'n bedrae om te maak. Waar hulle verskil doen hulle dit as broeders van een huisgesin, die huisgesin van die gelowiges, wat bewus is van hul eie beperkinge en in liefde die waarheid soek en betrag.**

### DIE BYBELSE STANDPUNT

Dit is ook die Bybelse standpunt. Nêrens vind ons die eis dat die gelowige 'n intellektuele toestemming aan 'n minimum van waarhede moet gee voordat hy as Christen erken word nie, behalwe die eenvoudige, persoonlike eis. Glo in die Here Jesus Christus, wat 'n uitdaging is tot 'n persoonlike betrekking en nie tot 'n reeks waarhede nie. Die Kerk van Christus is die vergadering van ware gelowiges, saamgestel uit alle geslagte, tale en stande, wat Christus as hulle Hoof erken en Hom in geloofsgehoorsaamheid volg. Dit is hierdie persoonlike verhouding wat die Christendom onderskei van 'n ideologie of filosofie, wat hoe voortreflik dit ook mag wees, nooit tot aanbidding kan lei nie.

### WIE IS DIE WARE GELOWIGES?

Maar nou kan die vraag ontstaan: hoe kan ons weet of ons met ware gelowiges te doen het? Uit die klaarheid en suiwerheid van hulle belydenisskrifte? Wie sal hier as regter kan optree? En wat sal die minimum wees wat verlang word? Rooms-Katolieke, wat die geloof sterk intellektualisties opvat, as iets wat deur die liefde moet aangevul word, vind 'n antwoord in hulle leer van die fides implicita: „hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebr. 11 : 6). In hierdie eenvoudige verklaring word die ganse waarheid van die evangelie opgesluit — die kerk sal sorg dra vir die verdere uitbouing, en al wat vir die gelowige nodig is, is om hom aan die gesag van die kerk te onderwerp. Die Reformasie het hierdie kwantitatiewe beskouing verwerp en 'n kwalitatiewe norm in die plek daarvan gestel. Die vraag is nie, hoeveel die gelowige moet weet om gered te word nie, maar wat sy persoonlike verhouding tot 'n persoonlike Saligmaker is, en in hierdie verhouding kom die omvang van sy intellektuele kennis eintlik nie ter sprake nie; niemand kan sê hoeveel of hoe min hy moet weet nie.

**Aan die ander kant is dit net so waar dat dit nie in ons mag is om te verklaar, wie die ware gelowiges is nie. Daar bly dus geen alternatief oor as hulle erkentenis te aanvaar nie (totdat die teenoorgestelde duidelik blyk) want ons kan nie in die hart van die mens sien nie. Elkeen wat die Here Jesus Christus bely, behoort welkom te wees in die congregatio fidelium, en elkeen wat in hierdie sin as Christelike kerk beskou kan word, is deel van die algemene kerk wat die gemeenskap van die heiliges is.**

### TOELATING RUSSIES-ORTODOKSE KERK

**Pas ons nou dit alles toe op die huidige situasie, dan is dit duidelik dat die vrees van hulle wat meen dat die toelating van die Russies-Ortodokse kerk tot die Wêreldraad die kommunisme binnelaat, ongegrond is. Inteendeel, Christene in Rusland en elders word sterk in hulle stryd teen die ateïsme wat agter die ystergordyn so sterk gepropageer word, en wat hulle, sonder enige hulp van buite, jarelank reeds met groot opoffering bestry het. Hulle aansluiting bied 'n geleentheid tot diens en nie tot vrees vir die veiligheid van die christelike kerk nie. Weier ons om selfs 'n gesprek met hulle aan te knoop oor ons gemeenskaplike geloof, dan verklaar ons metterdaad dat hulle geen Christene is nie. En wie sal die vermetelheid hê om so 'n oordeel uit te spreek?**

Vervolg op bladsy 8

*What follows is an extract from the address given to the General Assembly of the Presbyterian Church by its Moderator, the Rev. James Rodger. After pointing out that to confess Jesus Christ is Lord' meant confessing him as God and Saviour, Rev. Rodger went on to say:*

# THE LORDSHIP OF CHRIST

**The call of God to Christian people is to live for him in the practical things of everyday life and in all their dealings with their fellow-men. Let us not forget that that call comes not only to us, but to sincere Christian people whose views on political questions differ widely from ours.**

And let us not forget that Christian sincerity means the same thing for them as it does for us, namely that they seek to know what God, the God who is revealed in Jesus Christ would have them do, and to do it. They have their blind spots; and we have ours. If we believe that God has given us an insight into the way in which Christian people ought to act and live in the circumstances of our time and our country, then we must set out humbly, in dependence on the grace of God and with an open mind to hearken to his correction, to translate that insight into daily practice in our dealings with our fellow-citizens and our fellow-Christians of all groups in our society. Some of the actions into which we are led may be unconventional. If we do them for the love of Christ and of our fellows, and not with a view to refuting an opponent's argument or demonstrating our own superior goodness, then they will serve the cause of Christ's Kingdom. They may perhaps not appear to have any persuasive effect on people who think differently; but we may safely leave that matter to God who rules over all. Truth is great, much greater than what our minds have so far grasped; and it will ultimately prevail.

### THE SOCIAL ORDER

Ever since the Industrial Revolution laid social conditions as a burden on the Christian conscience, there has been a danger that Christians may think that the only thing that matters is the justice of the social and political order. The distinctive Southern Africa form of this danger, in this generation, is that we should think that being a Christian simply means having Christian ideas about race relations and putting them into practice.

**Of course in the vastly altered and vastly more complicated society that the Industrial Revolution produced, the Church could not be indifferent to social conditions without being false to its Lord who cares for the whole man; and of course in our present circumstances in Southern Africa, it is part of the Church's calling to maintain the right of every man to play his full part in the life of the nation.**

There is a sobering truth in Dr John Baillie's solemn warning that "Christians who today defend the Church's slowness to concern itself with social reform by standing fast on the distinction between 'religion and politics', or between 'religion and economics', too often find themselves in the same camp as those men of the world whose opposition to projected reforms proceeds only from the defence of their own vested interests in the existing order." We must heed that warning; and it ought to be especially borne in mind by those of us whose natural tendency is towards the conservative outlook. As Principal Baillie justly pointed out, in mediaeval Europe or even in Victorian Britain such a clean-cut discrimination of the religious sphere from the economic or the political may have represented only something like a division of labour within a society which was essentially of one mind; but Western society is now so little Christian that we are faced increasingly by a conflict of principle between the claims of Christ and of Caesar.

**So we are forced to realize the truth that Augustine taught fifteen hundred years ago, that the Christian's loyalty to the State can never be unconditional or unqualified, whatever the form of the State may be, simply because every earthly civilization is corrupted by sin.**

But when all has been said, it remains true that Christianity is more than a striving after a just social order. To underline again the Southern African application, Christianity is more than a striving after a society in which no man's race or colour is a bar to opportunity and fulfilment. The first and fundamental task of the Church, as a community of Christians, is so to worship God and to to hold Jesus Christ before the eyes of its members that each of them shall live as one who belongs to him. And the primary task of the Church, as regards its impact on the world, is to present Christ Crucified and Risen that men and women may turn to Him and be saved. The Lordship of Christ is a lordship over the life of every nation and over the dealings of nations with one another; it is also a lordship over the life of every man and woman.

### GOODNESS AND LOVE

We have remarked that if we say "Christ is Lord", what we are in effect saying is that goodness and love are the test that we must apply to all our actions and all our attitudes. If we do not apply that test, we are in fact breaking the First Commandment. "Thou shalt have no other gods before me", for we are allowing other authorities than the God and Father of our Lord Jesus Christ to rule our life and furnish its guiding principle. The Lordship of Christ has an application to our dealings with our fellow-men in contexts much more intimate than those of the community of nations and the national community. Wherever we go among men, we go as His servants. Whenever we think of our fellow-men, it is as those whom he longs to have for his own that we should see them. And this has a bearing on the whole life of the Church and of every congregation within it.

I once lived for a few days in a very godly community, where prayers were held at considerable length every evening. There was great devoutness and some intensity of emotion; and there was practically no word in all the prayers I heard which betrayed any knowledge that outside the cosy circle of the faithful there was a world bristling with problems and in desperate need of divine redemption. That was an extreme case of a disease that can all too easily afflict our church life. Our Lord, when He was on earth, had his times of intimate spiritual fellowship with his Father and with the disciples whom He had chosen; He needed spiritual renewal, and how much more do we! The fellowship of Christians is a very precious thing, and the fellowship that there is in a congregation ought to enrich all its members and make them stronger in the faith and more conscious of God's love. But as James Stewart says, "A Church that is content to remain isolated in sanctified seclusion from the world around its doors and the clamorous problems of the age has no right to bear the name of Him who chose to dwell with publicans and sinners. It has no word to speak that the unbeliever can understand."

The missionary responsibility of the Church is not its only responsibility; but if its building-up of its own members in the faith does not make them more fit and more eager to carry the Gospel to the unbeliever, there is something spurious about the faith in which they are being built up.

**Any of our organized activities which do not help to make our congregation a better instrument in Christ's hand should be either scrapped or radically transformed. Goodness and love are the tests that we must apply to all that we do in the Church; and that means that we have a vital concern with the world beyond our doors.**

One can hardly imagine a more terrible condemnation of an ingrown, useless Church than those few quiet words, "It has no word to speak that the unbeliever can understand.

**And what about our relationship with other members of the local fellowship of Christians? The closer we are to one another, the more liable we are to friction. But the Christian Church cannot afford to have its members indulging in the luxury of quarrelling among themselves. There is a job to be done. Nor shall we allow anything to alienate us the one from the other, if we really care about the work our Lord would have us do.**

The closer we are to one another, the more closely we undertake the work together, the more necessary it is that we should constantly be measuring what we do and what we think of doing, and our attitudes to one another, by the yardstick of goodness and love. "Is this right, and is it loving?" In other words, "Is it Christlike?" That will set us on our guard against any jealousy and spite, any foolish pride or childish irritability; and these are the things which, far more than any of the more picturesque sins, wreck the fellowship and stultify the witness of many a Christian congregation.

When we are out among our fellow-men, in a community that is not specifically Christian, we have the same yardstick to apply, that of goodness and love. In local government and civic affairs, we shall strive for clean administration and impartial justice. All human affairs and all human relations are tainted by the corruption of sin; but there is one standard of goodness by which all men must be judged, and the Christian conscience can never accept any lowering of that standard. There is not one standard for the Christian and another for the unbeliever goodness is goodness.

And goodness is not an abstract and impersonal thing; we have our Lord's own word for it that we shall ultimately be judged by our loving service — or our lack of it — to other people. "Inasmuch as ye did it (or did it not) to one of the least of these . . . ye did it (or did it not) to Me." In the business world, if any concern is to continue to operate, it must show a profit; it is only nationalized enterprises that can run at a loss and pretend that it does not matter. But in business also, there are higher considerations than profit. Principles count, and profit must not be sought by dishonest means. People count, and the goods of people must be our concern. We are brought back inexorably to the same two words, goodness and love. That is what it means to acknowledge the Lordship of Christ in the world. ☆

# Die praktiese uitwerking van die herstelling van gemeenskap

— Ds. Phil Loots

**As ware gemeenskap herstel is, sal dit die twee uitwerkings hê: Die gelowige sal sy regmatige Godvererende plek in die gemeenskap inneem en die eenheid van die Kerk sal 'n groter werklikheid word.**

Elke gelowige wat in noue gemeenskap met God lewe, sal besef dat hy nou deel van 'n gemeenskap uitmaak. Hy moet nou in 'n groep saam met ander Christene werk. Paulus sê: „Ons is medewerkers van God" (1 Kor. 3 : 9). Dit meen daar moet spanwerk gedoen word vir die saak van Christus. In gesamentlike optrede lê altyd groter krag as in individuele — dikwels selfsugtige — optrede.

As ons ons aan Jesus gebind het, moet ons saam met Hom die stryd voer. Ons mag nie halfhartig wees nie maar moet aanhou veg vir die waarheid; want „as God vir ons is, wie kan dan teen ons wees" (Rom. 8 : 31). Ons sal dan gewillig wees om ten bloede toe weerstand te bied. Lees maar weer Ef. 6 : 10—17 om te sien wat die wapenrusting van God is, wat die soldaat van God instaat stel om hierdie oorwinnende stryd te stry.

DIE REDAKSIE VRA OM VERSKONING DAT ONS IN DIE SEPT.-UITGAWE PER ABUIS GEMELD HET DAT DS. LOOTS SE ARTIKELREEKS AFGESLUIT WAS MET DIE DERDE AFLEWERING.
DIT GESKIED NOU MET DIE VIERDE BYDRAE.

Eers wanneer ons besef dat elkeen van ons 'n lid van die liggaam van Christus is, kan ons ons hoë roeping vervul en ons regmatige plek inneem in Sy Koninkryk. As die gemeenskap met Hom dan herstel is, dan dring Sy liefde my tot so 'n mate dat ek nie anders kan nie as om Sy liggaam te vergroot op aarde.

**Een van die mooiste uitwerkinge van die herstel van gemeenskap sal wees dat groter getalle die gemeenskap van die heiliges sal beoefen en andere dit ook sal gun. Meer en meer sal ons voel dat ons nie net lidmaat van 'n sekere kerk is nie maar lede van die kerk van Christus en burgers van Sy koninkryk. Dan sal ons ook die betekenis van Matth. 6 : 33 beter verstaan: „Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."**

M.a.w. gaan staan binne in die liefde van God. Daar is sommige mense van wie ons net nie hou nie — hulle werk op ons senuwees of vryf ons gedurig verkeerd op. Nou sal dit nie help om voor te gee dat ons hulle liefhet nie, dan is ons by ons liefdeloosheid nog skynheilig ook. Nee, as ons in God en Hy in ons lewe dan sal ons vir diesulkes bid en as 'n mens eers vir iemand anders gebid het dan vermeerder ons verdraagsaamheid en selfs ons liefde. Kom ons lees weer 1 Kor. 13 en leer opnuut die werklike betekenis van selfopofferende liefde. En as ons dan hierdie pad van liefde volg, sal ons liefde nie net beperk wees tot ons onmiddellike klein kringetjie nie maar uitgaan na alle mense.

Dit bring ons by die passie vir siele wat verlore gaan. „Want Sion het weë gekry en meteens haar kinders gebaar." (Jes. 66 : 8). D.w.s. ons wat naby God lewe, sal in smart verkeer oor duisende siele wat verlore gaan. Ons sal kruipend voor God smeek dat verlore siele gered mag word. Mag God ons 'n beeld gee van siele wat deur die hel verswelg word, sodat ons hulle uit die vuur kan ruk voordat dit te laat is. Hier mag ons ywer vir siele nie by gebed ophou nie, maar ons moet biddend werk. Ons moet uitgaan en sy getuies wees; want as ons in Hom is dan het ons die versekering dat sy Gees saam met ons gees sal getuig. Ons moet met hulle van die wêreld gaan deel wat ons in Christus ontvang het.

**Ons kan nie gemeenskap met die heiden hê nie, maar ons kan kontak met hom maak deur die Evangelie op 'n liefdevolle wyse na hom te bring. M.a.w. ons gaan na hom toe omdat Christus ons liefhet, en met die gesindheid van Jesus getuig ons voor hom. As die Heilige Gees hom wederbaar, en hy hom bekeer dan kan ons gemeenskap met hom hê en hom liefhê; want dan is hy nie meer 'n dienskneg van Satan wat ons haat nie maar 'n mede-dienskneg van Christus wat ons liefhet.**

Ons het gesê as ware gemeenskap herstel is, sal die eenheid van die Kerk 'n groter werklikheid word. In I Joh. 1:

Vervolg op bladsy 8

**Hierdie is die derde artikel in die reeks van ds. C. Greyling, sendingleraar van die Ned. Geref. Kerk onder die Indiërs. Waar die vorige twee in Engels was word hierdie bydrae in Afrikaans aangebied.**

# DIE UITDAGING VAN DIE ISLAM

DS. C. GREYLING

Wanneer ons dit vergelyk met al die groot wêreldgodsdienste, is die verhouding tussen Islam en die Christendom uniek. Uit die vorige twee artikels sal dit duidelik wees dat die Islam baie uit die Christendom ontleen het, nie alleen uit die Skrif nie, maar in besonder ook uit die Apokriewe. **Ten spyte hiervan, beskou die Moslem sy godsdiens as 'n korreksie van die dwaalleer van die Christendom en 'n herstel van die suiwer leer van Jesus en die profete. So skrywe 'n** Moslem-skrywer bv. in 'n pamflet „The truth about Jesus, the Son of Mary", wat tans in sy duisendtalle in Johannesburg versprei word: „Islam leer dat niemand aanbiddingswaardig is nie, behalwe God. Dit is presies wat Jesus ook aan die volk geleer het. So sê Jesus in Matth. 4 : 10: „Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Die hedendaagse Christendom handel egter heeltemal in stryd met die leer van die Groot Leermeester, Jesus, want hulle het Hom (Jesus) die objek van hulle aanbidding gemaak". In 'n ander Moslem-publikasie, wat ook tans oral versprei word nl. **Islam, the Natural Religion of Man,** skrywe Ismael Bhula aangaande die geloof in die plaasvervangende lyde van Christus soos volg: „Die ware godsdiens van Jesus was niks anders as Islam nie. Dit is Paulus wat allerlei vreemde idees in die suiwer en eenvoudige leer van Jesus ingevoer het. (Hy haal dan aan uit werke van Arnold Meyer en Johannes Weiss) . . . Die teorie van die bloed-offer is vreemd aan die ware Christendom. Dit was 'n later invoering van Paulus wat die suiwer en eenvoudige leer van Jesus besoedel het met allerlei heidense leerstellinge!"

Bogenoemde aanhalings is genoeg om aan te toon dat die Islam sigself aanbied as 'n korreksie van die Christelike 'dwaalleer' aangaande God en Christus. Al hul jongste geskrifte probeer aantoon hoedat die Christendom die Here Jesus misverstaan en sy woorde verdraai het.

**Aangesien hierdie gewaande verdraaiings van die leer van Jesus juis die sentrale Christelike leerstellinge raak nl. die Godheid van Christus en sy plaasvervangende lyde, mag die Christelike Kerk nie swyg nie. Met groot geduld en liefde sal ons aan die Moslem moet leer wie Jesus werklik is en wat God, deur die profete, aan ons belowe het aangaande die koms van die Verlosser. Dr. Kenneth Cragg skrywe in ‚The Call of the Minaret': „The Objective is not, as the Crusaders believed, the repossession of what Christendom has lost, but the restoration to Muslims of the Christ Whom they have missed".**

### VERKEERDE BENADERING

Indien dit egter waar is, moet ons ophou praat van die „Moslem-gevaar" en moet ons die geleentheid sien wat die Here aan ons bied om aan duisende Moslems in ons land die evangelie van Jesus te verkondig. Wanneer daar so dikwels in ons kerklike pers en in ons dagblaaie verwys word na die „Moslem-gevaar", dan vlei die Moslems hulleself met die gedagte dat die Kerk van Christus met die rug teen die muur staan. Hierdie indruk word verskerp deur die feit dat daar byna geen sendingwerk onder die Moslems gedoen word nie, wat by hulle sowel as by andere die indruk skep dat die Islam onoorwinlik is en dat die Kerk van Jesus Christus onvoorwaardelik die wapens voor die Islam neerlê. Hierdie idee is nie net by baie van die Moslems aanwesig nie, maar die ergste van alles is dat ek dit so dikwels self by van ons predikante raakloop! Die Moslems nooi ons uit tot 'n gesprek, 'n gesprek oor Jesus Christus, 'n gesprek oor sy Persoon en oor sy soenverdienste. Waaroor wil ons anders praat! En tog gryp die Kerk hierdie geleentheid nie aan nie omdat ons Christendom gekondisioneerd geraak het tot 'n sekere houding teenoor die Islam: 'n defaitistiese houding. Dit skyn asof die Kerk glo in die onoorwinlikheid van die Islam! Ons bely wel dat ons glo dat **Jesus uittrek** „as Oorwinnaar en om te oorwin" (Openb. 6 : 2), dat die koninkryke van die wêreld „die eiendom van onse Here en sy Christus" geword het (Openb. 12 : 15) en dat „in die Naam van Jesus moet buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong moet bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader" (Fil. 2:10, 11). Ten spyte van hierdie belydenis, neem **ons tog die houding** in asof hierdie woord nie ook Gods Woord insake die Moslem is nie.

### DIE NOOD VAN DIE ENKELING

**Een van die groot redes vir hierdie houding is die feit dat ons te veel gedink het in terme van 'n polemiek met die Islam en te min aan 'n gesprek met die Moslem. Ons vergeet te maklik die enkeling met sy nood en persoonlike, geestelike behoeftes. Ons handel asof alle Moslems fanatieke twisredenaars is en ons vergeet dat die groot massas gewone mense is, mense wat net soos ons stryd het teen hul eie sondige begeertes, wat dikwels ook in tye van siekte verlang na iemand om saam met hulle te bid of saam met hulle te kniel by die bed van 'n siek kindjie.**

Hoe dikwels het ek in 'n Moslemhuis diep gesprekke gehad oor God en sy liefde, oor sonde en wedergeboorte, sonder dat daar eenkeer sprake was van 'n twisgesprek. Te dikwels laat ons ons intrek in twisgesprekke wat geen waarde het nie en waardeur ons niks bereik nie en gaan ons by die nood van die enkeling verby. My diepste oortuiging is dat ons by die Moslem, soos by alle ander mense moet uitvaar na die diep water om aan hulle die heerlike waarhede te verkondig wat God vir ons geopenbaar het in sy Woord. Twisgesprekke is so dikwels ook maar net die skildvelle waaragter die mens sy ware nood verberg.

Ek bedoel hiermee geensins dat ons nie 'n kennis moet hê van die Islam en sy leer, of dat ons die vrae van die Moslem moet vermy nie. Ons moet 'n deeglike kennis hê van hulle godsdiens en hulle geskrifte, veral ook hulle geskrifte aangaande die Christelike godsdiens. Ons moet deeglik kennis dra van die bewegings binne die Islam veral van bewegings soos die Ahmadyiah-beweging waaraan baie van die sendingbewegings van die Islam hulle ontstaan te danke het en vanwaar hulle die meeste van hulle argumente kry. Ten spyte van ons kennis, moet ons alle twisgesprekke probeer vermy en ons bepaal by die verkondiging van die Woord. Wanneer daar vrae gestel word, moet ons egter in staat wees om rekenskap te gee van ons geloof. Ons grootste taak is egter om die Moslem te lei tot 'n studie van die Woord en van die Persoon van Jesus Christus. Die vergelyking tussen die Woord en die Koran kan hulle gerus maar self maak.

### DIE NOOD AAN GEMEENSKAP

Sodra die Kerk egter met daadwerklike sendingaksie onder die Moslems begin, sal ons moet besin oor die nood aan gemeenskap. Dr. W. A. Bijlefeld wys in sy werk **De Islam als na-Christelijke Godsdienst** daarop dat Snouck Hurgronje, Simon, Walter Freytag e.a. almal die oortuiging deel dat die sending onder die Moslems in Oos-Indië sy sukses te danke het aan die bestaan van lewende gemeentes uit die heidendom waarby die Moslems ingeskakel kon word (sien a.w. p. 223-224). Freytag stel dit soos volg: „Gemeinde aus Mohammedanern entsteht im grossen und ganzen immer da, wo mitten im Islam lebendige Gemeinde lebt" ('n Gemeente uit die Mohammedane ontstaan gewoonlik altyd daar waar daar midde in die Islam 'n lewende gemeente bestaan). In die Transvaal woon baie van die Moslems veral in ons plattelandse dorpe waar hulle gewoonlik in die handel betrokke is. Het u al ooit gedink waar hierdie mense ingeskakel moet word as hulle meer aangaande Jesus wil weet? Indien 'n Moslem die Here Jesus sou aanneem sal hy swaar vervolging van sy geloofsgenote moet deurstaan. Waar gaan hy opgeneem word in die gemeenskap van die gelowiges? By die Bantoe? Wat van die taalprobleem? Of sal die blanke gelowiges daardie gemeenskap bied? In ons stede ontstaan daar vinnig klein gemeenskappe van Christene uit die Hindoeïsme — lewende gemeenskappe wat hierdie ware gemeenskap kan bied. Onder die Maleiers sal die Kleurlinge hierdie gemeenskap moet bied, maar die probleem op die platteland bly. Die blanke gemeentes is die enigste wat hierdie gemeenskap kan bied, maar daar sal nog baie moet gebeur voordat dit moontlik word.

Ons sal moet besin oor die uitdaging wat die Islam tot ons rig. So skrywe Margaret Marcus, 'n Jodin wat tot die Islam oorgegaan het in 'n artikel getitel: „Christianity can not halt the tide of Islam" (Islam, the Natural Religion of Man, p. 11-12) soos volg:

„Perhaps no institution in the world is more segregated than the Christian Church. Even those few Christians who recognize the wrong and wish to remedy it feel very squeamish and self-conscious worshipping alongside a black man. They think they are doing the black man a tremendous favour just by letting him sit next to them. What seems so unnatural in the church is taken for granted in the mosque. All are welcomed and pray side by side. There are no reserved seats where he is not allowed to sit and no privileged places. The African is accepted by the Muslims for his merits as a human being. What colour his skin happens to be does not have the slightest interest for them. They couldn't care less. For the first time in his life, the African feels at home."

Wanneer ek egter praat oor gemeenskap, dan bedoel ek daarmee nie net toelating tot 'n kerkgebou nie. **As dit die geval was, kon sommige Engelse kerke hulle miskien vlei met die gedagte dat hulle daarmee gemeenskap kan bied. Dit gaan egter veel dieper as dit, sodat ek selfs twyfel of 'n soekende Maleier in 'n Kleurlinggemeente altyd daardie geestelike gemeenskap sal vind wat hy nodig het om hom te oortuig dat hy werklik welkom is** in die kerk van die Here. Tom Allan praat in sy werkie **The Face of my Parish** (p. 34) oor „Newcomers who are simply chilled out of the church by the attitude of the old members".

**Daar lê ons gevaar. Belangstelling, liefde, aanmoediging, — dit is wat die jong bekeerling of die soeker nodig het. Ons sal moet besin of ons bestaande kerklike strukture werklik in hierdie behoefte kan voorsien. Moontlik sal ons moet dink aan die vorming van klein Bybelstudie - groepe waar sulke soekers — sy dit Moslems, Jode of wie ookal — ingesluit kan word in 'n klein maar lewende gemeenskap van Christene wat die een die ander se belange op die hart dra en waar ons vir mekaar en saam met mekaar kan bid.** ☆

## EKUMENISITEIT

Vervolg van bladsy 6.

### VERHOUDING TOT ROOMS-KATOLIEKE KERK

Dieselfde geld van die Rooms-Katolieke Kerk, op die oomblik die paaiboelie van baie Protestante, wat liewer afsydig staan omdat hulle vrees dat die kerk aansoek sal doen om lidmaatskap van die Wêreldraad. Maar as dit werklik sou gebeur, wat 'n oorwinning sou dit vir die Protestantisme wees! Want dit sou beteken dat Rome sy onbuigsame kerklike standpunt prysgee en die goeie reg van ander kerke erken om saam te spreek in geloofsake. Daarom is dit nie te verwagte dat Rome sal aansluit nie, òf hy moet sy beskouing van die kerk radikaal verander, maar dan ook ophou om Rooms-Katoliek te wees. Visser 't Hooft, algemene sekretaris van die Wêreldraad, in sy kritiek op die naïewe gedagte van hulle wat die onlangse vriendelike gebare tussen die Rooms-Katolieke en ander Christelike kerke as 'n teken van naderende eenheid interpreteer, sê dit: „I do not know of one single church in the World Council which is ready to enter into union with the R.C. Church on the terms involved in Roman Catholic ecclesiology and we do not see how they can change their ecclesiology. At the same time it is possible to enter into a true dialogue between Protestants and Catholics dealing with such practical obstacles as religious liberties and mixed marriages" (tussen Rooms-Katolieke en Protestante). Hy gaan voort: „We've found open ears among some (in the Vatican) but we haven't any clear idea whether the entire Vatican Council will go along on these questions".

Feit is, dat Rome in die laaste tyd sy stroefheid aansienlik laat vaar het deur bv. waarnemers na die vergaderinge van die Wêreldraad te stuur en uitnodiginge te rig tot waarnemers van Protestantse kerke na die a.s. Vatikaanse Konsilie en konsessies gedoen het in verband met sy houding teenoor Bybelstudie deur leke. Ook is dit waar dat Roomse en Protestantse teoloë diepsinnige teologiese diskussies oor hulle godsdienstige verskille in lywige boekdele gevoer het, om so tot 'n beter begrip van mekaar se beskouinge te kom. Daarom hoef die werklike belangstelling van die Rooms-Katolieke in die ekumeniese beweging ons nie te verontrus nie; dit is 'n aansienlike wins as daar nou kennis geneem word **van ander Christelike** kerke wat in vroeër jare eenvoudig geïgnoreer is. Die onbuigbaarheid van Rome vertoon duidelike krake.

Wat die resultaat van die ekumeniese beweging sal wees, kan ons nie voorspel nie. „Die wind waai waarheen hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is" (Joh. 3 : 8). **Die uitkoms is** in die hand van Hom wat die Hoof is van sy kerk. ☆

## Herstelling van Gemeenskap

Vervolg van bladsy 7

17 lees ons: „Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar." Johannes sien dus die eenheid van die Kerk in die beoefening van die liefde — die een teenoor die ander. Daardie liefde moet baie prakties wees en gereed vir enige offer wat gevra mag word. (Vgl. I Joh. 4 : 16 - 18).

Jesus bid dat ons een mag wees in Hom; maar voor Hy dit bid, vra Hy: **„Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid." (Joh. 17 : 17). Ons** groei in eenheid kan nie geskei word **van ons groei in** heiligmaking nie. Vgl. hier Hebr. 12 : 14: „Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie."

Ons moet onsself sien as heilige broeders wat 'n hemelse roeping deel met Christus die apostel en priester van ons belydenis. En eindelik moet ons die voltooiing van die groei in eenheid sien as volwassenheid in geloof en kennis.

**Dit is juis deur die eenheid van die Kerk van Christus dat die wêreld oortuig sal word dat Jesus die Christus is. Oor die openbaring van hierdie eenheid moet ons nog baie, baie bid en dink. Maklike oplossings soos dat hierdie eenheid net geestelik is, bring ons nie verder nie. Laat ons asseblief sulke idees soos apartheid of integrasie of wat ookal vergeet en onthou dat ons hier te doen het met hoër en heiliger dinge as aardse begrippe wat, soos die aarde self, tot niet sal gaan. Laat ons verenigd in Christus lewe.**

‚Wie mag klim op die berg van die Here? En wie sal staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie." (Ps. 24 : 3, 4).

Ja, waarlik die uitwerking van ware gemeenskap met God en sy kinders is nie net heerlik in my eie lewe nie maar bring 'n liefdevolle blydskap op aarde en groter eer aan die Drie-enige God. SLOT.